Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 10
Oktober 2005

VERDRAAGSAAMHEID: "ONVERDRAAGSAME TOLERANSIE"

'n Prentjie skilder 'n duisend woorde en dié een *(langsaan - red)* skets 'n realiteit wat ons almal ken. Wie van ons ken nie die gevoel dat my nekhare kriewel by die aanhoor of aanskoue van 'n sekere onderwerp of persoon nie? Miskien is dit hoe u gevoel het die oomblik toe u ons blad se onderwerp sien. "Al weer 'n klomp mense wat van my verwag om alles maar net te sluk wat om ons aangaan. Ek moet maar vrede maak met die land se een-oog-reënboog-betoog, of dat die Bybel skielik alles vrolik en bly, "in a gay way", aanvaar wat dit voorheen verwerp het." Ons hoop u verdra ons diskresie en lees verder!

Verdraagsaamheid gaan, soos die woord ook verraai, oor die *dra*-vermoë van iets of iemand, die ding of persoon ding se drakrag. Dit kan gaan oor 'n *fisiese* drakrag, bv. oor die vermoë van 'n brug om swaarvoertuie te kan dra. Dit kan ook 'n *geestelike* drakrag beteken, bv. Ma wat die deurmekaar huis en die kinders se geneul net tot op 'n punt kan tolereer. Laastens kan verdraagsaamheid dui op 'n *prinsipiële* drakrag. Hier gaan dit oor die ruimte wat 'n wet of 'n beleid toelaat vir opponerende standpunte, om mekaar te kan akkommodeer.

Al is die eerste tipe fisies van aard en die ander twee meer abstrak en geestelik, is hulle slegs onderskeibaar en nie volledig skeibaar van mekaar nie. Iemand wat byvoorbeeld fisies sterk is, is dalk geestelik swak en word gou kwaad. Hy word dalk gou kwaad omdat hy juis prinsipieel nie sterk is nie. Iemand kan egter ook fisies en geestelik baie sterk wees en tog totaal onverdraagsaam wees teenoor iets wat teen sy oortuiginge ingaan. Is hy dan 'n swakkeling, glad nie "cool" nie? Nee, nie noodwendig nie. Omdat hy geestelik verdraagsaam is, kan hy sy onverdraagsaamheid in groot kalmte weergee, sonder om gewelddadig of ongeskik te wees.

Christelike verdraagsaamheid was nog nooit bedoel om ruggraatloos te wees nie. In Openbaring 2:1-7 tref ons die Here aan in 'n toonbeeld van uiters onverdraagsame verdraagsaamheid, oftewel onverdraagsame toleransie. Hy prys die gemeente van Efese vir dinge wat sy nie tolereer nie en dan weer juis vir dinge wat sy verdra. Christus prys die gemeente openlik dat hulle "slegte mense nie kan verdra nie". Die "slegte mense" wat die gemeente nie kan verdra nie, is mense wat nie leer en nie leef wat Christus leer en leef nie. Ook die werke van die Nikolaïete, wat deur die gemeente "gehaat" word, word ook deur Christus "gehaat" (:6). Dit klink dalk op die post-moderne oor na 'n "onChristelike" Christus, na "hate speech"! Christus loof die kerk omdat hulle onverdraagsaam is, terwyl ons juis bestook word met 'n religie van verdraagsaamheid vir "creed", "color" en "sex". Die tweede aanprysing is daarom veel meer draaglik vir die kontemporêre oor. Die gemeente word geprys omdat sy "verdra het en lydsaamheid besit".

(vervolg op bls 2)

In Hierdie Uitgawe

Tema: Verdraagsaamheid

- **Verdraagsaamheid in "middelmatige dinge" 2**
- **Sosiale verdraagsaamheid 4**
- **God se verdraagsaamheid 6**
- **Konfessionele verdraagsaamheid 8**
- ICRC-konferensie 10
- Spreuke 12
- Sondag in die vroëe kerk 14
- Wat dink 'n protestant oor die afsterwe van die pous . 16
- Gehoorsaamheid (II) 18
- Voetspore van die Here in die wêreld 20
- Het Gereformeerde Onderwys nog 'n plek? ... 22

Hoe moet ons dan kyk na die ambivalente begrip, wat "toleransie" of dan "verdraagsaamheid" heet? Wanneer Christus sy gemeente loof vir beide hulle verdraagsaamheid en onverdraagsaamheid, is sy maatstawwe geskoei op 'n prinsipiële norm en daardie norm is *Hyself*! Hy loop tussen die gemeentes (2:1) en Hy meet hulle aan God se etiek. Daarom sal God ook die gemeente nie bly verdra as sy Hom nie weer opreg liefhet nie. Die gemeentes se doen en late behoort Christus se doen en late te wees en in al die gemeentes geld dieselfde prinsipes.

Maar nou is dit nie asof hierdie waardesisteem deur almal verdra word nie. Ons kan sê die gemeente se verdraagsaamheidsbeleid word deur die teenstanders van Christus as uiters onverdraagsaam ervaar. Christus self word gehaat! Ons lees dat die gemeente juis daarom baie moes verdra. Ons lees dat die gemeentes vervolg en van hulle selfs gedood is vir hulle prinsipes (vgl. 2:13).

Dit leer ons iets!
Verdraagsaamheid is dus altyd ook SAAMheid. Juis hier lê die harde realiteit. Daar bestaan nie so iets soos 'n algemene verdraagsame verdraagsaamheid tussen *alle* mense nie. Uiteindelik word verdraagsaamheid net soveel bepaal deur sy "saamheid" as deur sy "dra"-vermoë. Juis met wie ek saam is, met wie ek dit eens is, sal my dra-vermoë bepaal. Hierdie onverdraagsame intoleransie is iets wat God self sedert die sondeval ingebou het in die geskiedenis. Dit is die onafwenbare vyandskap tussen die saad van die vrou, die belydende Kerk, en dié van die Antichris. Soos die liedjie oor "ou Ferreira" sê: "*Saam dra al aan die een kant ….. vat jou goed en … "*

PN¤

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943
E-pos (stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma
Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie:
Mev. G van der Meulen
Posbus 23931
Gezina 0031
Sel. 084-607-6072

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos • 40

VERDRAAGSAAMHEID IN "MIDDELMATIGE DINGE"

K. Bijzet

TEMA: VERDRAAGSAAMHEID

INLEIDING EN BEGRIPSBEPALING

Die twee begrippe wat in die titel hierbo genoem word, is ongelukkig omstrede sake. Oor "verdraagsaamheid" of *toleransie* is die eeue deur gestry, sowel in die politiek as in die kerk. Kan of mag jy hoegenaamd *tolerant* wees in beginselsake en, so ja, in watter mate?

En dan die "middelmatige dinge" of *adiafora.* Bestaan dit ooit? Is daar in hierdie wêreld wel iets soos 'n neutrale saak waaroor die Woord van God geen seggenskap, het nie?

Uiteraard kom hier baie belangrike en ook moeilike vrae aan die orde. Daarom moet in die eerste plek aangedui word wat in hierdie artikel hiermee bedoel word. Sodat daar so min as moontlik misverstand sal ontstaan.

Onder *toleransie* word gewoonlik verstaan dat 'n mening wat in sekere kring van die daar gangbare opvatting afwyk, geduld word. Daar is dan ruimte vir 'n andersoortige mening, maar daardie opvatting kan tog ook weer nie as volstrek en legitiem aanvaar word nie. In ons post-modernistiese en relativistiese tyd is verdraagsaamheid eintlik nie meer 'n probleem nie. Maar geld dit ooit in die kerk van onse Here Jesus Christus waarin nie *my* mening nie, maar die Woord van God absolute seggenskap het?

En wat die *adiafora* betref – hierdie term beteken letterlik: wat geen verskil of onderskeid maak nie. Dus dinge wat op hulself nie goed of sleg is nie. Of ook binne die Christelike etiek: dinge waaroor daar geen *uitdruklike* gebod van God is nie. Waarin die een die ander dus wel sy vryheid moet gun. Maar bestaan daar wel sodanige middelmatige dinge? Is ons hele lewe nie van God afkomstig, deur sy Seun verlos en deur die Heilige Gees geheilig nie? As ons praat van dinge van die omtrek, die periferie, dan geld die wet van die sirkel: alle punte, ook op die omtrek, kan deur 'n regte lyn met die middelpunt verbind word.

In hierdie artikel handel dit veral daaroor hoe ons met hierdie begrippe binne die kerk wat deur Christus vergader word, moet omgaan. Dit gaan hier nie oor politieke of sosiale verdraagsaamheid nie. Daaroor sal ander artikels handel. Ons wil aandag gee daaraan hoe ons binne die gemeenskap van die heiliges hiermee en met mekaar moet omgaan.

ONS SONDIGE SITUASIE

Die dilemma waarin ons ons bevind as ons oor hierdie vrae nadink, lê in ons sondige natuur en omstandighede. Uit onsself kom verkeerde gedagtes en begeertes voort. En ook al wil ons die goeie doen, sal ons tog dikwels struikel. Maar daar is meer wat gesê kan en moet word.

In die eerste plek is daar sake waaroor daar geen *uitdruklike* bevele van God is nie. Met ons verduisterde verstand is dit moeilik of selfs onmoontlik om te bepaal wat dan die wil van God is en Hom die meeste verheerlik.

Maar ook as daar wel uitdruklike gegewens in die Skrif gevind kan word – ook dan weet ons nie altyd onmiddellik om in uiteenlopende en soms verwarde situasies daarvolgens op te tree nie. Daarom moet ons mekaar ook dan wel vrylaat om te handel ooreenkomstig die lig wat ons ontvang het. Ons noem dit die "Christelike vryheid". Ten opsigte van hierdie Christelike vryheid is soms nog maar 'n gebrekkige insig. Die eintlike bevryding wat deur Christus gebring is, word omskryf in Hebr. 2:14 en 15. Christus het gekom en gesterf "sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was".

In die vroeë Christelike kerk het dit egter meegebring dat vrae gevra is oor die houding van die Christene byvoorbeeld teenoor die eet van vleis wat eers aan die afgode geoffer was en die onderhouding van bepaalde dae of gebruike. Bekend is wat Paulus hieroor opmerk in I Kor. 10, Rom. 14 en ook in die brief aan die Galasiërs.

Sekerlik – daar is vryheid in Christus. Maar dit is 'n vryheid om God te dien, los van die slawerny aan die duiwel en die sonde. Dus sekerlik geen losbandigheid nie. Daarom is daar beperkings. Nooit mag my vryheid tot gevolg hê dat my broeder of my suster tot sonde verlei word nie. Dit is die beperking van die liefde.

Ook is daar die beperking van die geloof. 'n Mens moet regtig oortuig wees jy leef geheel en al uit die geloof. Want alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde (Rom. 14:23).

Ten slotte: word nooit 'n slaaf van die dinge wat aan die omtrek lê nie – die *adiafora*. "Alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie (I Kor. 6:12). Paulus het aangedui dat die onderlinge verhoudings in geduld en wysheid uitgeleef moes word. Daarom het hy Timótheüs terwille van die Jode besny (Hand. 16:3), maar hy het geweier om Titus te besny (Gal. 2:3). As hy dit sou gedoen het, sou hy die vryheid in Christus verloën het.

Uit hierdie voorbeeld blyk dit dat daar omstandighede kan wees waarin geen eenvormige antwoorde gegee kan word nie. Ons sondige natuur en verduisterde verstand noodsaak ons om nie alles af te dwing nie. Anders kan ook maklik in doperse geesdrywery verval word. Maar ook: in alle dinge en onder watter omstandighede ook al moet vasgehou word aan die wandel in die geloof in die *hele* lewe.

HOUDING EN GESINDHEID

Uit bostaande is wel duidelik dat ons nie kan volstaan met 'n bloot uitwendige of formele antwoord nie. Ons moet onsself elke keer en op elke tyd opnuut afvra wat die HERE wil ons sal doen. Ons moet van die uiterlike en formele na die inwendige en goeie beweeg. Uit die goeie skat van die hart sal die goeie lewenshouding te voorskyn moet kom (Luk. 6:45).

Wyle prof. K. Schilder het aan die derde druk van sy boek *De Openbaring van Johannes en het sociale leven* (ook) 'n hoofstuk toegevoeg wat handel oor Openb. 2:20, 24 en 25 – uit die brief aan die gemeente van Thiatire. "Kerk eer dan 'vakorganisatie'" is die opskrif van daardie hoofstuk. Ook in die oudheid was daar reeds vakorganisasies of gildes. Hierdie gildes kon pragtige werk verrig as dit gegaan het oor die verbetering van werk en dienslewering. Schilder beklemtoon egter verder dat hierdie gildes ook opgeneem is in die heidense of staatsreligie met die verering van eie gode of skutshere. Kon 'n Christen in daardie geval sy samewerking aan so 'n vakorganisasie gee?

Soos dit maar gaan en ook toe reeds moontlik gegaan het - die een (die verkrampte) sê: dit mag nie gedoen word nie. Die ander (die verligte) beweer: 'n afgod is niks en dus kan ek maar rustig my vakorganisasie en sy aktiwiteite steun. 'n Soortgelyke situasie as in Korinthe. Met al die egte of valse argumente wat daarby behoort. Duidelik is wel: jy kan dan op volkome wettisistiese manier met mekaar stry.

Om bo so 'n stryery uit te styg moet gelet word op die *houding* van die broeders en susters. Schilder doen dit deur te wys op die verskil van om te wil prof**i**teer teenoor die begeerte om te prof**e**teer. Die verkeerde houding is om te wil prof**i**teer van die feit dat daar in 'n bepaalde geval waarvoor jy te staan kom van 'n *adiaforon* sprake is. Daar bestaan mos geen uitdruklike gebod van God oor daardie spesifieke saak nie? En wie sal dit dan waag om in te meng? Jy kan doen waarvoor jy self lus is.

Die goeie houding is egter die begeerte om uiteindelik te gaan prof**e**teer teen die *adiafora*. Dan wil ons die lig van die Woord van God opvang, oordink en ook verder laat deurdring in ons lewe as wat tot dan toe die geval was vanweë ons verduisterde oë en verstand. Dit hinder om so in die onsekere te verkeer.

In die kerk leef ons onder die regsbestel van die Verbond. Juis dit moet ons noodsaak om altyd in die regte verhouding teenoor Hom

te staan in alle dinge. Andersins bring dit ons tot 'n korrupte lewenshouding.

Maar in Thiatire was daar (net soos in Pergamus) blykbaar mense wat sake op die spits gedryf het en eintlik 'n leer gemaak het van die "verligte" standpunte. En dan word sake ernstig. Ook by gebrek aan uitdruklike bevele van die HERE. Om te prof**i**teer word dan 'n lewenshouding wat hom stel teenoor die wens om te prof**e**teer teen die *adiafora* en om so steeds beter die sin van Gods Woord te verstaan. Gewoonlik word wettisisme net by "verkramptes" gesoek. Maar die omgekeerde kan ook plaasvind. Mense soek dan 'n spesifieke teks of gegewe, andersins gaan hulle hul eie gang.

HOE LEWE ONS?

Binne die gemeente van Christus is daar ongelukkig dikwels baie verskil van mening juis in hierdie opsig. En maar te dikwels lei dit daartoe om van die *adiafora* te wil prof**i**teer pleks van om daarteen te prof**e**teer. Die tydgees met sy subjektivisme em relativisme gaan nie sommerso aan ons verby nie. Tereg sê Schilder daar moet nooit beswaar aangeteken word as tot versigtigheid gemaan word nie. Beswaar moet kenbaar gemaak word as daar dreiging is om van die Woord van God af te wyk. Andersyds moet altyd rekening gehou word met ons deur die sonde verduisterde verstand. Geen juk mag opgelê word net vanweë eie insigte, ervaring of tradisie nie. Wat hierbo opgemerk is, is nog iets anders as verdraagsaamheid. Dit is eintlik 'n humanistiese term en kan maklik tot hoogmoed lei. Ons is dan so vriendelik en ruim om ander ook hul standpunte te gun. Saam staan ons onder die regsbestel van God.

En dit geld vir almal. Jongeres en oueres, rykes en armes, mans en vroue. Almal moet lewe voor die aangesig van God. En almal moet bid om verligting deur die Heilige Gees, sodat ons mag weet wat die goeie en welbehaaglike wil van die HERE is. ¤

SOSIALE VERDRAAGSAAMHEID

J Moes

TEMA: VERDRAAGSAAMHEID

Wat is jou gevoelens oor Robert Mugabe of Osama bin Laden? Wat sou jy doen met die inbreker in jou huis, as jy hom ooit in die hande sou kry? Wat is jou verhouding met jou moslembure? Kan jy ophou praat oor jou wonderlike kleinkind? Ons verhouding met ander mense in die samelewing, naby of ver, beweeg gewoonlik iewers tussen die uiterstes van haat en liefde. Dit kan wees verafsku, wegwens, ignoreer, verdra, aanvaar, respekteer, hoogag, bewonder, liefhê. Is daar iewers 'n Bybelse norm wat ons sou moet hanteer in die verhouding met ons naaste, wie dit dan ook al mag wees? Besinning hieroor is baie relevant in die huidige geïntegreerde samelewing van Suid-Afrika.

In die laaste fase van die apartheidsdae is daar 'n Amerikaanse meisie (Amie Biehl) op die Kaapse Vlakte vermoor. Die ouers het uit die VSA gekom en die moordenaars in die tronk besoek en hulle vergewe. Hulle standpunt was dat as hulle dit nie sou doen nie, daar haat in hulle harte sou bly en dit hulle lewens sou versuur. Deur te vergewe bevry hulle hulself en dra hulle die oordeel oor aan God. Oorlewendes van die aanval op die St James-kerk in die Kaap het die aanvallers in die tronk gaan besoek en hulle vergewe. Met dieselfde doel as die Biehl-ouers en om te wys op die Christelike vergewing.

So 'n houding van slagoffers kom nie vanself nie, veral nie waar geliefdes vermoor is nie. En dit word nog moeiliker as die daders nie self om vergewing vra en nie besef dat hulle moordenaars en nie dapper vryheidstryders is nie. Moet ons selfs mense vergewe wat ons nie daarom vra nie? Ek meen van wel, met dieselfde oorwegings as die Biehl-ouers: dit maak jouself vry van haatgevoelens wat jou lewe kan versuur. Maar ook omdat Christus dit van ons vra. Laat ons nie vergeet nie wat ons bely: dat Hy ons liefgehad het toe ons nog **sondaars** was, nog voordat **ons** dit gevra het.

Maar bostaande voorbeelde is uiterstes (gelukkig maar). In die alledaagse lewe het ons te doen met gewone mense van verskillende agtergronde en kulture. Ons leef nou in Suid-Afrika in 'n sogenaamde reënboognasie, wat bestaan uit mense met baie uiteenlopende gewoontes en kulture. En dit raak al hoe meer vermeng in ons samelewing. Ons base by die werk is nou swart, ons kollega's is mense met 'n ander werksetiek, ons bure is moslems, die munisipale werkers en hul base het ander skoonheidsnorme as ons, ens. Moet ons hulle maar verdra, tolereer? Of moet ons na die meer positiewe kant van die skaal beweeg en hulle aanvaar of selfs respekteer?

Dit is nie net vrae vir Chistene in Suid-Afrika nie, maar ook vir Chistene in ander lande. In die *Nederlands Dagblad* van 12 Februarie 2005 het prof J Douma 'n artikel geskryf onder die opskrif "Tolerantie als morele opgave". Dit gaan oor die spanning in die Nederlandse samelewing tussen die oorspronklike ("autochtone") en die nuwe ("allochtone") burgers, wat in die meeste gevalle geïmmigreerde moslems uit Marokko en Turkye is. Hy betoog dat hulle mekaar nie net moet verdra (tolereer) nie, maar dat hulle belangstelling vir mekaar en mekaar se kultuur moet hê.

So kan mense van verskillende kulture en lewensoortuigings tog een volksgemeenskap vorm. So kan ook die Christelike geloof uitgedra word en ander mense bereik. Douma skryf: “Ons moet ‘n afkeer hê van die Islam en teenoor Mohammed Jesus stel as die enigste Verlosser, ook vir moslems. Maar juis daaruit moet blyk dat ons begaan is oor moslems as mense.” “Verdraagsaam wees in morele sin vereis ‘n bepaalde mentaliteit … dat ons belangstelling vir hulle het.” Erkenning van mense met ander religies of kulture hou nie in dat hulle eers moet verander en hul eie identiteit moet prysgee en min of meer soos ons moet word **voordat** hulle deur ons aanvaar kan word nie.

In ‘n meer onlangse uitgawe van die *Nederlands Dagblad* van 26 Augustus 2005 skryf Harry Lamberink ‘n artikel onder die titel “Gedwongen assimilatie werkt integratie tegen”. Hy skryf na aanleiding van 24 Augustus as Nasionale Naturalisasiedag in Nederland. Naturalisasie is die afsluiting van die proses van integrasie, waar die geïmmigreerde persoon in daardie geval die Nederlandse nasionaliteit ontvang. Die diskussie in Nederland en Europa gaan daaroor in hoeverre die allochtone burgers (van buite-Europese afkoms) moet assimileer, hul eie identiteit moet inruil vir dié van die nuwe tuisland. Moet hulle die taal van die nuwe land aanleer, hul gebruike oorneem, hul onderwysstelsel aanvaar, hul kleredrag oorneem, ens.?

Lamberink betoog dat dwang om te assimileer aweregs uitwerk en moontlik kan lei tot radikalisering. Allochtone burgers moet gerespekteer word in hul eie identiteit. Dan sal hulle hulself veilig voel en oopstel binne die omringende kultuur. Wie hom bedreig voel, sluit hom op binne die veilige grense van die bekende, die eie kultuur of groep (soos die Orania-bewoners in SA - JM). Die gehalte van die samelewing is die optelsom van die inbring van elk van haar burgers. Lewens-

beskouing omvat die diepste oortuiging oor die sin van die lewe, met alle gevolge wat dit het vir die inrigting van die samelewing.

Die samelewing benodig mense met ‘n duidelike oortuiging, wat daaruit rigting en energie put om dit te investeer in die samelewing waarvan hulle deel uitmaak. Die samelewing is nie gedien met mense wat hulle konformeer aan algemeenhede of gemiddeldes wat nie bestaan nie of aan skyn-ideale wat gepropageer word in die massamedia nie. ‘n Samelewing benodig besielde mense. Integrasie beoog die deelname aan die samelewing van mense met behoud van dit wat eie is. Wat die eie is word begrens deur die wette van die land. Tot sover aanhalings van Lamberink. In Suid-Afrika moet ons aanvaar dat die samelewing gedryf word deur ‘n ander kultuur en visie as van voor 1994. Dit betref sowel inheemse elemente as eksterne faktore. Christelike elemente verdwyn stadigaan uit die samelewing. Die owerheid en wetgewing word al hoe meer “religieus neutraal”, om nie te sê ateïsties nie. Die “Hollywood-kultuur” wat deur die televisie ook in Suid-Afrika uitgedra word, is baie sterk, maar beslis onchristelik. Dit bepaal al hoe meer die lewensuitkyk en gedrag van mense in ons samelewing.

In Psalm 139:21 en 22 lees ons die woorde van Dawid: “Sou ek nie haat wie U haat nie, HERE?” “Ek haat hulle met ‘n volkome haat, hulle is vyande vir my.” Moet ons daaruit aflei dat almal wat teen die Here ingaan en Hom nie dien nie, ook deur ons gehaat moet word ? Ek dink nie dis die regte konklusie nie. Ons moet wel die sonde haat, besonderlik dié in ons eie lewe. Maar ons moet die sondaar liefhê en vir hom bid, soos die Here Jesus ons dit in sy bergrede voorgehou het (Matt. 5:44): “Jy moet jou vyande liefhê, seën hulle wat jou vervloek, doen goed aan hulle wat jou haat en bid vir hulle wat jou geweld aandoen en vervolg”.

In die Suid-Afrikaanse samelewing moet ons ons nie as gereformeerdes / Christene in ons eie beskutte wêreld opsluit nie. Maar ons moet uitreik met die evangelie om ander op te roep tot geloof en bekering. Dit geld vir ons as individue, maar ook vir ons as kerkgemeenskap. Dit sal ons nie kan doen vanuit ‘n grondhouding van haat of selfs verdraagsaamheid nie, maar juis vanuit liefde en bewoënheid. Die toekoms van ons land word nie veilig gestel deur die oorlewing of die oorheersing van die Westerse kultuur nie. Suid-Afrika kan slegs ‘n goeie toekomsverwagting hê as die kultuur van die Christendom deurdring tot in die vesels van die samelewing. Daarvoor moet ons uitreik na ons naaste in hierdie land. Dit vra in die eerste plek vir ‘n goeie onderlinge sosiale verhouding. Slegs in so ‘n sfeer kan die evangelie doeltreffend uit- en oorgedra word.

Opsommend kan ons sê dat ons houding as Christene teenoor nie-Christene een moet wees van belangstelling vir hulle kultuur en lewensvisie en begrip vir hul menings. Dit sal vir ons ook nogal leersaam kan wees. As ons die onderlinge vertroue gevestig het, sal ons ‘n goeie basis hê om met hulle deur te praat oor die heil wat ons ontvang het en wat ons Here vir alle mense wil gee wat Hom liefhet en dien. Daarmee saam moet ons ook vir ons naaste bid, of die Here ook aan hulle die blydskap van die geloof wil gee. Op hierdie manier sal ons, op ‘n baie beskeie maar tog fundamentele manier, saamwerk aan die opbou van ‘n nuwe Suid-Afrikaanse samelewing. ¤

NIEMAND KOM NA DIE VADER BEHALWE DEUR MY NIE
- GOD SE VERDRAAGSAAMHEID

Ds E Viljoen

TEMA: VERDRAAGSAAMHEID

"ZERO TOLERANCE"?

Ek skryf hierdie artikel kort na die vierde herdenking van die aanval op die Twin Towers in New York. Sedert daardie dag word een slagspreuk gereeld deur veral die president van die VSA, pres Bush, gebruik: "Zero tolerance!". Geen verdraagsaamheid nie! Dit verwys met name na die houding wat daar volgens Bush behoort te bestaan teen die stedelike terrorisme wat die wêreld verontrus. Die samelewing van vandag propageer tegelyk 'n ander lewenshouding in die multikulturele wêreld waarin ons leef. 'n Lewenshouding wat baie goed verwoord word in die slagspreuke wat tydens die studenteopstande teen mure in Parys geskryf was: " Dit is verbode om te verbied". Verdraagsaamheid is 'n woord wat 'n sleutelrol speel in ons kultuur en samelewing. Die betekenis daarvan kan egter duidelik teenstrydig deur verskillende partye of groepe gebruik word. In die algemeen kan ons tog sê dat verdraagsaamheid, of "toleransie" soos dit ook genoem word, 'n weerspieëling is van 'n houding waarin ander se uitgangspunte of oortuigings verdra word ten spyte daarvan dat dit fundamenteel van jou eie kan verskil.

CHRISTENE VERBODE!

Tog kan 'n mens as Christen vandag in ons land iets van 'n geïrriteerdheid opmerk en verseker aanvoel by talle wanneer 'n mens vanuit die Bybel as God se Woord in hierdie samelewing wil gaan staan. Met ander woorde, wanneer jou Christelike geloof meer inhou as 'n paar vroom privaat godsdienstige oortuigings. Dan val die woord "fundamentalisme" sommer maklik in jou rigting. Sonder meer word die begrip "onverdraagsamheid" sommer ingebou in wat mense onder "fundamentalisme" verstaan.

Ons kan hierdie houding maklik as vyandskap teen die evangelie verstaan. Dit hoef egter nie noodwendig so te wees nie. Mense het nie altyd 'n onverdraagsame houding teenoor die evangelie nie. My ervaring is juis presies die teenoorgestelde. Net gister nog kon ek vrylik die evangelie bring aan 'n persoon in nood in 'n bemarker se kantoor in die grootste kommersiële bank in Suid-Afrika. Die eksklusiewe evangelie van Christus was geen aanstoot nie. Dit laat my dink Christene, of dalk beter gesê, Christene in die manier waarop hulle die evangelie wil verkondig, is vir mense dikwels ondraaglik! ***Hoe*** gaan staan ons vandag in die wêreld met 'n evangelie wat aanspraak maak op eksklusiwiteit? Bring ons die evangelie op so 'n manier dat mense God se verdraagsaamheid leer ken?

Dit bring my by die kern van my verhaal. Ons het ernstig nodig om te besin oor wat ons as Christene verstaan onder God se verdraagsaamheid. Beteken dit dat ons as Christene ons aanspraak dat ons die enigste verlossingswaarheid het, moet prysgee? Moet ons mense met ander geloofsoortuigings as ons in vryheid laat om te glo wat hulle wil? Moet ons daarvan uitgaan dat alle godsdienste aanvaarbaar vir God is, as dit maar so uitgeleef word dat dit inpas by die norme en waardes van 'n multi-godsdienstige samelewing? Of is onverdraagsaamheid vir ons die enigste houding wat ons kan inneem, indien ons humanistiese idees van verdraagsaamheid as onaanvaarbaar beskou?

GEEN ANDER GODE NIE

Begin by die begin van God se woorde aan Israel. Die eerste gebod. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Só maak God Homself bekend: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE" (Deut. 6:4). Daar is niemand soos en naas Hom nie. Die Here staan onverdraagsaam teenoor enige ander wat aanspraak maak op sy kinders soos wat Hy beslag wil lê op hulle lewens. Hy is hulle Redder en geen ander kan saam met Hom of teenoor Hom daarin staan nie. Hier is geen plek vir 'n kompromis nie. As die Here God is, dien Hom, maar as Baäl God is, dien hom (1Kon. 18:21). Geen vermenging van diens aan die Here met ander gode nie!

Die versoeking vir Israel in die land Kanaän was altyd groot om plek te maak vir die vrugbaarheidsgode in die onvrugbare en droë land. Maar die Here is bo alles die enige Verlosser van sy volk. Hy het reg op die hart van sy volk. Hy is die Here, hulle God, wat hulle uit die slawehuis gelei het. Net by Hom kan hulle veilig wees. By Hom alleen is hulle vryheid gewaarborg.

GEEN ANDER NAAM

In die Nuwe Testament is dit nie anders nie. Hoe eenvoudig dit ook al klink, stel ek dit pertinent, omdat die gedagte tog by baie heers dat die Nuwe Testament 'n meer "verdraagsame" God voorstel as die Ou Testament. Kom die liefde van God nie nog sterker in Christus na vore nie? Is Jesus nie die Een van wie ons leer dat Hy nederig en sagmoedig van hart is nie? Tegelyk kan die apostel Johannes skryf dat die leuenaar die een is wat ontken dat Jesus die Christus is. Hy verloën beide die Vader en die Seun

(1 Joh. 2:22). Jesus self waarsku dat elkeen wat Hom voor die mense verloën, Hy ook voor die Vader in die hemel sal verloën (Matt. 10:32-33).

EKSKLUSIEF

Die evangelie is 'n eksklusiewe boodskap. Dit is eksklusief omdat al God se liefde na ons kom deur net Één. Dit spreek daarom van growwe liefdeloosheid om aan mense van 'n ander geloof alleen maar te sê dat jy vir hulle geloof respek het en dieselfde ruimte vir jou eie geloof te vra. Ons mag tog niemand laat staan, waar ons oortuig is dit vir ons self lewensgevaarlik is om te bly staan nie. Die evangelie is ook nie handelsware waarmee ons ruiltransaksies kan aangaan om vrede tussen mense te bewaar nie.

Die evangelie is nie ons s'n nie, maar in die eerste plek die goeie nuus van God aan ons almal. Ons klou ook nie krampagtig vas aan die eksklusiwiteit van die evangelie, omdat ons daarmee bang is ons eie fondamente word geskud nie. Die eksklusiwiteit van die evangelie het niks te doen met die beskerming van die een mens teen die ander nie. Dit het alles te doen met die eksklusiwiteit van God se liefde. Ons God wil dat geen mens sal verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering sal kom (2 Pet. 3:9).

Hier is geen dwang teenoor mense nie, maar wel die trekkrag van "koorde van liefde" (Hos. 11). Christus is die enigste Naam wat gegee is, waardeur mense gered moet word. Moet? Ja, God wil dit so. Moet, omdat God self bewoë



is oor sondaars. Almal moet na Christus kom, omdat dit die enigste weg is na die veiligheid by God teen God se toorn. God se verdraagsaamheid is ware verdraagsaamheid wat staan teenoor humanistiese verdraagsaamheid wat mense wil laat waar hulle is buite God se genade.

DINAMIES

Hoe kan dit wees dat God wat Homself aan ons bekend gemaak het as die Enige en as 'n "jaloerse" God, tog ook die Een is wat vol lankmoedigheid en geduld is? Wanneer die Here op pad gaan met sy moedswillige en trae volk, maak Hy Homself bekend aan Moses as die barmhartige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Die Here is die een wat goedertierenheid vir duisende bewaar, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie (Ex. 34:6-7).

God se verdraagsaamheid is geen statiese foto van een oomblik nie. God is nie net die enige Here nie, maar ook die Lewende Here. Hy wat baie geduldig en lankmoedig kan wees, toon Homself daardeur nie magteloos nie. God se verdraagsaamheid het 'n doel. God se verdraagsaamheid is 'n rykdom. Maar dit is 'n rykdom wat nie verag mag word nie. God se verdraagsaamheid en lankmoedigheid wil tot bekering lei (Rom. 2:4). God se verdraagsaamheid wil die hardheid van harte verbreek. Die Here wat die Lewende Here is, is geen God oor wie daar allerhande filosofiese spekulasies gemaak kan word oor hoe Hy is of nie is nie.

Hy is soos Hy Hom bekend gemaak het in Jesus Christus. En Jesus is 'n lewende Persoon. Hy kom ook weer. Dan om te oordeel. God se verdraagsaamheid skep nie ruimte vir mense se vryheid en beweegruimte weg van Hom af nie. Hy wil juis vryheid vir mense by Hom gee. Sy verdraagsaamheid trek al nader aan Hom! Dit laat mense nie in slawerrny los van God nie. Dit skep ruimte om met mense besig te wees. Op pad met mense. Iets hiervan moet ons laat sien in hoe ons ons opstel teenoor mense. Ons kan reken op verset van mense teen God. Weerstand teen die Christelike geloof kan nie vermy word nie. As ons moet ly vanweë die weerstand teen die evangelie, dan doen ons dit as regverdiges. Ons mag egter nie ly as onregverdiges wanneer God se verdraagsaamheid vanweë ons onverdraagsaamheid belaster en kwaad van gepraat word nie. ¤

Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:

November 2005: Ander se kinders, ons sorg

Desember 2005: God met ons

HUMANISTIESE TOLERANSIE OF SKRIFTUURLIKE VERDRAAGSAAMHEID?

- OOR KONFESSIONELE VERDRAAGSAAMHEID -

Prop. E van Alten

TEMA: VERDRAAGSAAMHEID

Ons hoor dit dikwels in ons tyd: 'n oproep om hierdie of daardie teoloog, ten spyte van sy (of haar) onskriftuurlike sienings, te verdra; hulle is immers sulke opregte gelowiges. Of 'n pleidooi om ds Gaum se seksuele oriëntasie te tolereer; daarin word immers die liefde van God vir alle mense sigbaar. Is sulke oproepe nie miskien tereg nie? Is die liefde nie in staat om alles te oorwin nie? Wat het geword van die verdraagsaamheid onder gereformeerdes?

DIE GOD WAT ONS DIEN...

Die opskrif bo hierdie paragraaf het so 'n lekker postmoderne byklank – ons kan immers verskillende betekenisse daaraan heg, net soos dit ons pas. Dit kan verwys na die God *vir wie* ons dien – dan is ons die diensknegte, en God die Een wat gedien word. Of dit kan verwys na die God *wat vir* ons dien – dan is God die Een wat dien, en moet Hy in- en aanpas binne die gietvorm wat ons stel.

Wanneer ons hierdie twee opsies teenoor mekaar afweeg, moet ons bely dat die Skrif ons 'n God leer ken wat aan niemand diensbaar is nie, en van almal diensbaarheid eis. Hy is immers die Een wat alles gemaak het, en wat daarmee 'n prinsipiële onderskeid gestel het tussen Homself, die Skepper, en alle geskapenes. Hy is die God wat aan almal lewe en asem en alles gee (Hand. 17:25), Hy is die Een wat sy totale onafhanklikheid van die geskapene betuig met die woorde: "Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie; want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende… As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie, want die wêreld is myne en sy volheid" (Ps. 50:9-12). Hy sorg daarvoor dat in die Naam van Jesus elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, sal buig, en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader (Fil. 2:9-11). *Dít* (en soveel meer) is die God wat die Skrif ons voorhou, *dít* is die God wat deur ons gedien word!

GRENSE EN BINDING

Hoekom begin ek hierdie artikel oor verdraagsaamheid hiermee? Wel, die keuse wat in die vorige paragraaf gestel is (óf ons dien vir God, óf God dien vir ons), bepaal uiteindelik die weg wat ons inslaan met betrekking tot die onderwerp van verdraagsaamheid.

Kies ons daarvoor dat God vir ons dien? Dan slaan ons die weg in van humanistiese toleransie wat uitgaan van die vryheid en soewereiniteit van die (religieuse) persoonlikheid. Hierdie persoonlikheid moet, ook binne die gemeenskap van die kerk, alle moontlikhede kry om homself in volle vryheid en volgens eie insig en behoeftes te ontplooi. Elke inbreuk hierop word as tirannie ervaar en ook as sodanig bestry.[1]

Ons het egter gesien dat die Skrif nie so 'n Godsbeeld toelaat nie. God laat Hom nie inperk deur *ons* gevoel van vryheid en soewereiniteit nie, Hy word nie bepaal deur *ons* insigte en behoeftes nie. Inteendeel, ons word deur *Hóm* bepaal. *Hý* bepaal die inhoud van ons geloof en die uitwerking daarvan in ons lewenswandel. Soos Hy Homself geopenbaar het, só glo ons, só bely ons, só leef ons. Dit is immers nie so dat elkeen kan doen (en glo) wat reg is in eie oë nie (Rigt. 21:25). God stel grense aan die waarheid (teenoor die leuen), Hy gee riglyne vir die goeie (teenoor die kwade). Hy doen dit omdat Hy die God is wat aan niemand diensbaar is nie, en wat van almal diensbaarheid eis. Deur die loop van die geskiedenis het die kerk hierdie waarheid van God se openbaring in verskillende belydenisgeskrifte verwoord. Daarin vat die kerk saam wat sy op grond van die Skrif as waarheid bely in leer en lewe. Daarin gee die kerk (en elke gelowige) ook erkenning aan die feit dat ons nie self oor die waarheid beskik nie, maar dat ons soewereine God dit bepaal. Hy is die Alfa en Omega, Hy spreek die eerste en laaste woord as dit gaan oor wat ons glo en bely.

Daarom is binding aan die belydenis nie vrywillig nie, ons kan nie self bepaal óf en wát ons van ons belydenis wil aanvaar nie. Die Outeur van die waarheid, die God van ons belydenis, bind ons aan die waarheid. Hierdie binding is geen saak van vrywilligheid nie, maar van *gehoorsaamheid*. Gelowiges kan mekaar daarom ook aanspreek op grond van die belydenis – dít is immers die belydenis waarvan ouers by die doop van hulle kinders beloof dat hulle hul kinders daarin sal opvoed (sien die doopsformulier), dít is die belydenis waarvan jongmense by belydenisaflegging erken dat dit die Woord van God en die volkome leer van die saligheid uitdruk (sien die formulier vir die aflegging van openbare geloofsbelydenis), dít is die belydenis wat ampsdraers onderteken by die aanvaarding van hulle amp (KO, art. 53 & 54).

Ons is dus gebonde aan God se waarheid, soos geopenbaar in die Skrif en soos uitgedruk in ons

belydenisgeskrifte. Hiermee bied ons met alle mag weerstand teen enige vorm van humanistiese toleransie, waar die mens die bepaler word van waarheid en leuen, van goed en kwaad. Maar gooi ons op hierdie manier egter nie die kind van die verdraagsaamheid saam met die badwater van humanistiese toleransie uit nie? Is hierdie binding aan die belydenis sodanig dat daar van verdraagsaamheid nie meer sprake is nie?

KONFESSIONELE VERDRAAGSAAMHEID

Soos reeds hierbo genoem, is God aan niemand diensbaar nie en eis Hy van almal diensbaarheid. Tog het Hy Homself diensbaar *gemaak* in Christus Jesus (Fil. 2:6-8), want so lief het Hy die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). Hierdie selfopoffering van Christus gee ruimte vir sondaars, want ons het 'n Hoëpriester wat met ons swakhede medelye kan hê, een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde (Hebr. 4:15). Christus se medelye, sy verdraagsaamheid, dui op sy sturende en leidende geduld met ons, sodat ons die lewe kan verkry.

In navolging van hierdie verdraagsaamheid en medelye van God in Christus Jesus kan die egte Skriftuurlike verdraagsaamheid in die kerk tot uiting kom. Die kerk het deur die geskiedenis ook altyd oog gehad vir hierdie verdraagsaamheid. Een van die bekendste voorbeelde vind ons in die tyd na die Dordtse sinode van 1618/1619. Die kerk het in daardie tyd noukeurig daarop toegesien dat die Remonstrantse leer nie meer gepreek sou word nie. Maar tegelykertyd wou die kerke daarvoor sorg dat die belydenis van die waarheid onder God se seën goeie voortgang kon vind, *óók* by hulle wat in die stryd teen die

Remonstrante in verwarring gekom het. Dan val dit op hoeveel geduld en lankmoedigheid betoon word deur dieselfde mense wat 'n radikale "nee" teen die Remonstrantse leer laat hoor het. Die partikuliere sinode van Gouda, 1620, spreek die volgende uit (vrye vertaling):

> *Maar hulle wat uit eenvoudigheid, misverstand of swakheid die leer van die Gereformeerde kerke insake een of ander artikel van die 5 verskillende punte nog nie kan verstaan of toestem nie, of die gevoel van die Remonstrante nog nie volledig kan verwerp nie, dog wat hulle leersaam betoon en begin om hulself te laat onderrig … hulle moet verder naarstig onderrig en tot die gemeenskap van die kerk toegelaat word, mits hulle belowe om hulself stil te hou, en daaraan werk om in die kennis van die waarheid meer en meer toe te neem.*[2]

'n Soortgelyke houding tref ons aan by die sinode van 's-Gravenhage (1914), wat na aanleiding van 'n vraag van die partikuliere sinode die volgende antwoord gee (vrye vertaling):

> *… ons Gereformeerde Kerke het steeds geoordeel dat, ooreenkomstig die voorbeeld van die Apostoliese Kerk, toleransie beoefen kan word jeens broeders wat ter goeder trou in enige stuk van die leer dwaal, mits dit nie enige fundamentele stuk van die waarheid raak nie, die dwalendes bereid is om hulself beter te laat onderrig, en belowe om hul gevoelens nie te propageer nie.*[3]

Telkens tref ons as voorwaardes vir die beoefening van verdraagsaamheid die volgende aan: 1. die wil om onderrig te word, 2. die *ontbreking* van die wil om propaganda vir eie insigte te maak. Die egte Skriftuurlike verdraagsaamheid buig nie die grense van die waarheid, soos vervat in ons belydenisgeskrifte, nie. Maar hierdie verdraagsaamheid soek wel daarna om mekaar te bring tot die egte waarheid, tot die lewe met God. In die gemeente van Christus is daar ruimte om te groei, 'n erkenning van die feit dat ons nie almal dieselfde kennis en geloof het nie (DL 1:12, 1:16). Die konfessionele verdraagsaamheid laat nie toe dat ons almal in verskillende rigtings trek nie (dit is die begrensdheid van ons belydenis), maar hierdie verdraagsaamheid laat wel ruimte vir onderrig en groei (dit is die wydheid van ons belydenis). Laat ons mekaar daarom bind aan die belydenis, want egte belydenis van die hart beteken vir ons die lewe. Maar laat ons ook geduld beoefen waar ons moontlik *in goeder trou* kan dwaal. Laat ons mekaar nie afskryf wanneer ons uit swakheid of misverstand dwaal nie, maar laat ons mekaar onderrig, saamneem na Christus toe, waar ons almal ewe klein is in die lig van sy volmaakte verdraagsaamheid.

1. Dit is die beskrywing van J. Kamphuis in *Om de heiligheid van de gemeente*, p. 119-120.
2. Aangehaal en vertaal uit J. Kamphuis, *Om de heiligheid van de gemeente*, p. 121.
3. *Acta 's-Gravenhage 1914*, art. 138.

¤

ICRC-KONFERENSIE: PRETORIA, OKTOBER 2005

AC Bijker (Voorsitter: Deputate Betrekkinge Buitelandse Kerke)

RONDOM DIE KERK

Eersdaags vind die ICRC-konferensie te Pretoria plaas. Dit is ‘n groot geleentheid. ICRC staan vir *International Conference of Reformed Churches*. Die VGK Pretoria is die gasheer en die geleentheid vind plaas by die VGK kerk- en skoolsentrum, hoek van Louis Trichardtstraat en 28ste Laan in Rietfontein. Vir ‘n volle week sal meer as 85 afgevaardigdes uit alle dele van die wêreld en verbonde aan meer as 22 gereformeerde kerke byeenkom vir die 6de ICRC-konferensie.

ICRC-konferensies word elke 4 jaar gehou. Die oprigtingsbyeenkoms het in 1982 plaasgevind. Die inisiatief tot oprigting is destyds geneem deur die Free Church of Scotland en ons susterkerke GKN (Vrijgemaakt) in Nederland. Daarna is konferensies gehou in Skotland (1985), Kanada (1989), Nederland (1993), Korea (1997) en die VSA (2001). Waaroor sal die konferensie hierdie keer handel? Wat is die doel van die ICRC en wie is tans lidkerke?

Kom ons kyk eers na die (voorlopige) program.

Datum	Oggend 09:00-12:30	Middag 14:00-17:00	Aand 19:00-22:00
Woensdag 12 Okt 2005		Registrasie	Opening: kerkdiens VGK Pretoria. Ds C Kleyn
Donderdag 13 Okt 2005	Inleidende toespraak en reëlings Aanwys komitees Toespraak 1	Besprekingsgroepe Komitees	Algemene bespreking
Vrydag 14 Okt 2005	Toespraak 2 Besprekingsgroepe	Komitees	Algemene bespreking
Saterdag 15 Okt 2005	Komitee Free Church of Scotland rapporteer	Werkswinkel 1	-
Maandag 17 Okt 2005	Toespraak 3 Besprekingsgroepe	Komitees	Algemene bespreking
Dinsdag 18 Okt 2005	Besigtigingstoer: Pretoria en omstreke		
Woensdag 19 Okt 2005	Werkswinkel 2 Komitees	Werkswinkel 3 Finale verslae	Afsluiting deur voorsitter

Die belangrikste gebeure is drie toesprake wat eers in besprekingsgroepe en daarna in ‘n algemene bespreking behandel word. Daar is ook drie werkswinkels waarin die praktiese implikasies verder onder die soeklig kom.

Die verrigtinge word uiteraard in Engels gehou en die tema vir die konferensie is: *The Lordship of Christ*. Hierdie tema is verdeel in drie sub-temas wat elk met toesprake ingelei word:

1. *In the life of the Believer* aangebied deur dr A J de Visser (Kanada, voorheen Pretoria - by ons welbekend);
2. *In the Church* aangebied deur dr J W Maris (Nederland);
3. *Proclaimed in the world* aangebied deur ds Y G Dethan (Indonesië) en ds D A Robertson (Skotland).

Die verrrigtinge is gedeeltelik publiek toeganklik, met name die opening, aanbieding van toesprake en afsluiting. Vergaderings van komitees en werkswinkels is slegs bedoel vir afgevaardigdes.

WAT IS DIE DOEL VAN DIE ICRC?

Die belangrikste doel is om uitdrukking te gee aan die geloofseenheid in Christus deur kerke met ‘n Bybelgetroue gereformeerde stempel. Dit bied aan lidkerke ‘n platform om kontakte te onderhou met ander gereformeerde kerke in die wêreld en om gemeenskaplike probleme te bespreek. In die praktyk is ICRC-aktiwiteite veral gefokus op die sending. Kerke kan gesamentlik besin oor sendingsake en kan ook samewerking koördineer. Laastens wil die ICRC ook ‘n forum wees wat ‘n gereformeerde getuienis aan die wêreld uitdra.

Die ICRC is nie ‘n tipe sinode wat bindende besluite aan lidkerke oplê nie. Besluite van die ICRC-

konferensie is slegs adviserend van aard. Besluite word per stemming geneem en slegs twee afgevaardigdes per kerkgroep het stemreg.

Wie is lidkerke? Lidkerke moet in leer en kerkregering getrou wees aan die gereformeerde basis. Met die basis word bedoel die Bybel, die drie belydenisskrifte soos ons dit ken (Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls); asook die Westminster-konfessie (Westminster Confession of Faith, Larger and Shorter Catechisms). Kerke wat lid is van die Wêreldraad van Kerke word nie as lede aanvaar nie, omdat dit in stryd met die basis is.

Tans is 22 kerkgroepe lid van die ICRC.

Nederland:
- De Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt);
- Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland

Ander kerke in Europa:
- Evangelical Presbyterian Church in England and Wales;
- Evangelical Presbyterian Church (Ireland);
- Free Church of Scotland;
- Reformed Presbyterian Church of Ireland

Kanada en Amerika:
- Associate Reformed Presbyterian Church (VSA);
- Canadian Reformed Churches;
- Free Reformed Churches of North America;
- Orthodox Presbyterian Church (USA);
- Reformed Church in the United States;
- Reformed Presbyterian Church of North America;
- United Reformed Churches in North America

Afrika:
- Free Church in Southern Africa;
- Vrye Gereformeerde kerke in Suid-Afrika

Ooste:
- Free Church of Central India;
- Gereja-Gereja Reformasi Calvinis (Indonesia);
- Gereja-Gereja Reformasi di Indonesia;
- Presbyterian Church in Korea (Koshin);
- Reformed Presbyterian Church North-East India Synod

Australasië:
- Presbyterian Church of Eastern Australia; Reformed Churches of New Zealand

Ons susterkerke in Australië (Free Reformed Churches of Australia) is nie lid van die ICRC nie. Waarskynlik sal by die eerskomende konferensie die GKSA (Suid-Afrika) as nuwe lid van die ICRC toegelaat word. Ook heelwat ander kerke wat nie ICRC-lede is nie, sal as waarnemers die konferensie bywoon.

In tussenjare (twee jaar na die ICRC-konferensie) belê die ICRC sendingkonferensies. Die vorige sendingkonferensie van die Afrika-regio is gehou op 22-26 September 2003 te Lubumbashi in die Demokratiese Republiek Kongo. Die tema was: *A Christian Reformed perspective on religious pluralism in Africa*. Hierdie geleentheid is onder andere bygewoon deur kerke uit Suid-Afrika (GKSA, VGKSA en FCS), DRK, Togo en Benin. Ons susterkerke in Nederland was by wyse van die IRTT (Institute for Reformed Theological Training) ook daarby betrokke. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Gemeenteschetsen – gratis op internet verkrygbaar. Die 'Bijbelstudiebond' en die 'Bond van Gereformeerde Jeugdverenigingen' in Nederland stel die volgende gemeenteskets bekend:
SCHULDIG EN TOCH VRIJGESPROKEN.
Mev Zwikstra-de Weger het vir drie verskillende ouderdomsgroepe drie sketse geskryf oor sonde, skuldbesef en vergewing. 12-16 jaar: aan die hand van Ps 130 word die jeug aangespoor om na te dink oor die betekenis van sonde en vergewing 16+ jeug: daar word gevra of om 'sorry' te sê dieselfde is as om vergewing te vra. Aan die hand van Ps 32 laat die skryfster sien hoe Dawid hiermee omgegaan het. Vir die volwassenes is daar 'n Bybelstudie met die titel 'Hij is een God van liefde en genade, die onze schuld heeft uitgewist'. Met verwysing na Ps 51, Romeine 5 en Openbaring word inhoud gegee aan die tema 'skuldig en tog vrygespreek'. Nie net vir Bybelstudie, maar seker ook om te gebruik op huisbesoeke, en as basis vir gesprekke tuis en by katkisasie. www.bijbelstudiebond.nl en www.bgj.nl

Tweedehands:
HENDRIKSEN, W: Meer as oorwinnaars – 'n verklaring van die boek Openbaring. 218 ble. R75
FENSHAM, F C: Die brief aan die Hebreeërs. 191 ble. R49
MUELLER, J: Die brief aan die Kolossense. Aantekeninge en onderstrepings met pen. 177 ble. R25
MUELLER, J: Die briewe van die apostel Paulus aan die Filippense en Filemon. 173 ble. R40 (twee kopieë)

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad
Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

Pretoria
Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064

LEWENSKUNS - SPREUKE

Ds E Viljoen

VENSTER OP DIE BYBEL

WETTE?

Die lewe is ‘n kuns. ‘n Kuns wat geleer moet word. Ons is nie gewoond daaraan om só oor die lewe te dink nie. Vir ons is dit bekend om te hoor dat ons lewens as Christene ingerig word volgens die wet van die Here. En dit is reg. Maar dit is nie al nie. Dit is heeltemal eensydig as ons sê dat ons lewens ingerig word volgens wette en gebooie. Hoe belangrik die wet van die Here ook al is. Opmerklik genoeg is daar soveel boekies wat geskryf is oor die boek Spreuke, en telkens weer word alles wat Spreuke oor die lewe te sê het, ingedeel onder een van die tien gebooie. Dit wil die boek Spreuke nie doen nie.

LEWENSKEUSES

Wanneer ons net op die gebooie bly fokus, perk ons die verstaan van ons Christelike lewe in. Laat ek probeer illustreer. Ons word gedurig weer gekonfronteer met keuses wat ons in die lewe moet maak. Bewus en meesal onbewus maak ons elke dag honderde keuses en beslissings. Hoe maak ons daardie keuses? Wat was die beslissende in jou keuse toe jy moes kies tussen die verkoop van jou arbeidskrag aan iemand anders en die begin van jou eie besigheid? Op grond waarvan het jy besluit om eers te gaan studeer voordat jy die arbeidsmark betree het? Waarom het jy jouself in ‘n huwelik begeef en nie eerder ongetroud gebly met die oog op dienswerk in die kerk en samelewing nie?

Spreuke laat selfs sien wanneer iemand ‘n mooi lewe voor die Here leef. ‘n Mooi lewe is ‘n lewe wat uitloop op veiligheid en in gerustheid (Spr. 1:33). Ons word tog geroep om ons lewens te stel as ‘n lewende offer voor die Here wat vir Hom mooi en aangenaam is (Rom. 12:1-2). Dít is tog ons godsdiens! ‘n Lewe waarin ons die wil van die Here vir ons leer ken. Vir oud en jonk. Só ‘n lewe is ‘n hele kuns. ‘n Kuns waarin nie mý sukses en mý eie bevrediging die norm is nie. ‘n Kunswerk wat gebou word op die voetstuk van die vrees vir die Here.

KUNS WAT GELEER MOET WORD

Die lewe is nie eenvoudig nie. Dit is vol terugslae, teleurstellings, irritasies en selfs persoonlike rampe. Om nie eers die daaglikse opdraandes wat ons almal moet oorkom, te noem nie. Hoe hanteer ons dit alles? Hoe maak ons ons keuses? Hoe hanteer jy mense wat op jou lewenspad kom? Moeilike mense en onaangename mense. Ons kry te doen met ongemaklike situasies. In die Bybel is daar ‘n mooi woord vir iemand wat die kuns geleer het om sy lewensboot netjies om al hierdie lewenssituasies te stuur – die ***wyse***. ‘n Wyse persoon is iemand wat as kind van die Here kan lewe te midde van soveel verskillende gebeure wat op ons afkom. Daarvoor is die boek Spreuke geskryf. Spreuke vertel van die verskillende lewenssituasies waarin ons kan teregkom. Die boek wil meer gee as reëls hoe om te lewe. Dit wil die lewe beskryf soos ons daarmee te doen kry. Dit beskryf die geleentheid wanneer jy gevra gaan word om vir iemand borg te staan. Of wanneer iemand dwaas optree teenoor jou - gaan jy hom antwoord of gaan jy stilbly? Dit vertel van ‘n getroude vrou wat by jou gaan flikkers gooi en jou nooi om na haar huis te gaan terwyl haar man nie tuis is nie. Dit vertel van mense wat sonder God lewe en jou nooi om saam met hulle op pad te gaan. Die gevolge van ‘n lui lewe word in geen onduidelike taal

nie afgeskilder – moenie skrik as jy oorval word deur armoede terwyl jy te lui was om te werk nie! Nog ‘n bietjie slaap, nog ‘n bietjie die wekker stel op “snooze”. Dit vertel van die blydskap wat ‘n kind sy ouers kan gee wanneer hy die onderrig van sy ouers ernstig opneem. Hoe gemaak as jy vir ete genooi word by ‘n persoon met sosiale aansien? In dit alles moet jy as kind van die Here gaan leef. Gaan staan in die samelewing met sy uitdagings, geleenthede, beperkings en gevare. Moenie bang wees nie; maar leer die kuns om te lewe. Wees wys.

INSIG IN DIE LEWE

Terwyl die lewe beskryf word, wil die boek Spreuke ons leer om ‘n mooi lewe te lei. Die Spreuke van Salomo is gegee sodat ons wysheid en onderrig sal ken. Dit wil ons insig in die lewe gee. Die Spreuke wil jou help om jou karakter vorm te gee. Dit gee geen nuwe wette, voorskrifte of “beginsels” nie. Dit leer ons die kuns om goed te leef. Wysheid. Wysheid is praktiese lewenskennis wat ons help om die regte ding te sê en te doen in verskillende lewenssituasies. Dit ontwikkel jou karakter.

Wysheid leer ons om moeilikheid in die lewe te vermy. Tegelyk leer dit jou hoe om dit te hanteer as die moeilikheid op jou afstorm op só ‘n manier dat jy dit nie kan vermy nie. Spreuke wil jou raad gee. Dit wil jou help om lewenssituasies te kan verstaan. Wat ‘n geweldige hulp in die lewe is dit nie. Ons ken almal wyse mense – ten minste, ek hoop so! Wat ‘n groot bevryding en verligting as jy met só iemand kan praat om jou jou eie situasie te help

verstaan. Nee, dan het hy nog geen oplossing gebied nie; trouens' daar is dalk nie 'n oplossing nie, maar 'n verstaan van die lewe help jou om verder te kom. Aan te hou. Gelowig aan te hou. Jy moet leer om jou nie om die bos te laat lei deur 'n ieder en 'n elk wat op jou afkom nie. Tegelyk is dit nie 'n boek wat jou algemene lewensadviese gee wat die lewe vir jou leefbaar maak nie. Dit is nie adviese wat jou sukses waarborg nie. Ewe min is dit 'n manier om sosiaal aanvaarbaar by mense te wees.

VIR ONERVARENES

Die boek Spreuke is nie vir 'n uitgesoekte klompie lidmate van die kerk geskryf nie. Die wysheid word gegee om aangeneem te word. Vir die eenvoudiges. Om hulle volwassenheid en onderskeidingsvermoë te gee. Eenvoudige mense kan leer om gedissiplineerde lewens te lei wanneer hulle leer wat reg en regverdig in die lewe is. Geen hoë IK word benodig nie.

In Spreuke 30 word aan ons vier diere voorgehou wat besonder wys is, maar wat werklik geen hoë IK het nie! Hulle is ook glad nie magtig nie: miere – hulle is nie sterk nie, maar hulle maak kos bymekaar die hele somer lank; uitermate wys! (30:24); klipdassies – hulle is nie sterk nie, maar maak daarom hulle huis in die rots; sprinkane – hulle het geen koning nie en tog trek hulle in goeie orde uit in een swerm; geitjies – hulle kan maklik gevang word en tog loop hulle vry rond in konings se paleise!! Hulle het die kuns om te lewe, bemeester! Kyk maar na hulle!

VIR ERVARENES

Eenvoudiges, d.i. onervarenes, moet luister en leer, maar <u>óók die wat reeds wys is</u>. Hulle wat reeds goeie insigte het, kan steeds meer leer. Dit is die mooi van die wysheid – dit kan geleer word. Jy kan jou daarin oefen. Jou wysheid kan toeneem. Wyse mense is hulle wat die kuns geleer het om uit hulle foute te groei. Wysheid is nie iets waarmee jy gebore word nie. Karakter ontwikkel …word gevorm ... groei … word mooi. Wysheid is bedoel vir almal in die gemeente. Die een meer as die ander, ja, maar geen eksklusiewe besit vir 'n elitekorps nie. Spreuke wil almal roep – word wys! Ook wanneer die wyse luister, sal sy insigte in die verstaan van die lewe toeneem. Moenie dink dat jy op die ouderdom van 50 jaar alles geleer het nie. Wees bereid om steeds te luister. Die dwase is juis hy wat wysheid verag – nie meer daarna wil luister nie.

Elke lewensfase stel weer sy eise aan 'n mens. Opnuut moet jy weer leer lewe. Eers as kind en jongmens. Hoe ontvanklik is kinders nie dikwels om te leer nie!! Dan kom die puberteitsjare … dan gaan alles minder maklik. Dit word moeiliker om wysheid te ontvang. Spreuke is dan ook veral gerig op hulle wat gereed staan om in die volle lewensbreedte losgelaat te word. Daarom die sterk aanmoediging om die lewenskuns nie gering te ag nie – julle onervarenes, laat julle onderrig. Maar soos wat jou verantwoor-delikheid in die gesin, kerk en samelewing toeneem, word nuwe eise gestel. Nuwe wysheid; nuwe insigte in die lewe is nodig. En wat 'n onmisbare lewenskuns om te weet hoe om oud te word ... en die lewenskuns om op 'n wyse manier te sterf!! Dit is juis die een wat dink hy is volleerd, wat onwys is.

TEREGWYSING EN ONDERWYSING

Wysheid het baie skakerings – ons hoor van dit alles reeds in die begin van die boek – tug / teregwysing, verstandigheid / lewensinsig, verstaan, onderskeidingsvermoë. Wanneer ons dit het, sal ons weet hoe om met reg, geregtigheid en regverdigheid op te tree. Die wyse doen dus die goeie. Wysheid gee vorm aan ons manier van lewe – ons etiek, as u dit so wil stel. Dit is nodig, want daar kom baie op ons af in die lewe. Dit word hier genoem (1:6) "spreuke", "beeldspraak", "woorde van wyse manne en hulle raaisels".

Wysheid help ons om die lewe te "interpreteer". Selfs 'n wyse spreuk in die mond van 'n dwaas is nutteloos en gevaarlik: "Soos die bene van 'n lamme slap afhang, so is 'n spreuk in die mond van die dwase" (26:7). Of: "Soos 'n doring wat in die hand van 'n dronkaard geraak het, so is 'n spreuk in die mond van die dwase " (26:9). Spreuke is nie slagspreuke wat op enige situasie toegepas kan word nie; selfs om spreuke toe te pas, het jy wysheid nodig. Leer om mense, situasies en veral jouself te verstaan.



VREES VAN DIE HERE

Waar begin ons om hierdie wysheid te kry? Dit klink tog na ‘n totaal onbegonne taak. Is wysheid nie iets wat ons altyd sal bly ontglip nie? Wie sal ooit die kuns om te lewe, leer? Dit sal ons altyd ontglip as ons by onsself wil begin. As ons ons wysheid in onsself begin soek. Spreuke wys ons waar alle wysheid begin. By die Here. Die vrees vir die Here is die begin van die insig in die lewe as kunswerk.



Dit beteken nie ons moet vir die Here bang wees nie. Vrees vir die Here het te doen daarmee dat jy ontsag vir die Here het; dat jy baie van Hom dink. Maar dan nie ook net dat die Here groot is nie, maar veral dat jy in alles wat jy dink, doen en sê met die Here rekening hou. Sonder om rekening te hou met die Here, mag ons heel “gekunstelde” lewens leef. Vir baie heel indrukwekkend, maar weinig meer as kul-kunste. Dit is eers wanneer jy begin om die Here ‘n plek te gee in jou lewe, dat die lewe vir jou begin sin maak. Die lewe kry dan werklik vir jou betekenis. Die lewe word vir jou mooi. Die lewe met sy raaisels, sy moeilikhede, sy stampe en stote, sy krisisse en rampe.

Hou jy rekening met die Here in jou lewe, sal jy al meer verstaan wat in die wêreld aangaan. Daar is baie teleurstellings in die lewe. Maar hy wat op die Here let, laat die mooi nie by hom verbygaan nie. Hy wat weet hoe afhanklik hy van die Here is, sal leer om elke lewensomstandigheid aan te pak. Ek sê nie dat hy altyd ‘n antwoord vir alles sal hê nie, maar hy sal ‘n mooi lewe kan lei. ‘n Lewe wat tot eer van die Here is. Gaan sonder vrees die lewe in. Wysheid begin nie waar ons geleer het hoe om die stampe en stote van die lewe te sy-stap en omseil nie. Dit is nie afhanklik van ons voorspoedige lewens nie. Van die boom van ken-nis van goed en kwaad (wysheid) kon Adam en Eva nie eet sonder om te sterf nie. Hulle wysheid was by die Here alleen te vinde. Laat Hý sý lig en waarheid oor jou skyn. Die volle lig van alles wat Hy ons te sê het in sy hele Woord. Glo God op sy Woord. Vertrou Hom. Dit is om Hom te vrees. ¤

SONDAG IN DIE VROEË KERK: ANDERS AS VERWAG

Ds PG Boon

KERKLIKE LEWE

SOGGENS VROEG OP

Hoe het die mense in die vroeë kerk hulle Sondag deurgebring? Deesdae heers daar ’n nogal gangbare mening dat ons mede-Christene in die eerste eeue op Sondag douvoordag kerk toe gegaan het, omdat hulle daarna aan die werk moes spring. Die Sondag sou naamlik pas ’n rusdag geword het vanweë die besluit van die eerste Christelike keiser Konstantyn in 321 n.C. Hierdie aanname, dat ons broers en susters uit die vroeë kerk op Sondag sou gewerk het, word deesdae selfs deur sommiges gebruik om Sondagsarbeid te regverdig.

Nou is dit inderdaad ’n feit dat Christene destyds soggens vroeg bymekaar gekom het. Ons lees hieroor by die bekende Romeinse outeur Plinius (jr.): *dat hulle* (nl. die Christene) *gewoond was om voor sonsopkoms liedere vir Christus en vir God te sing en mekaar onder eed daaraan te verbind om ’n goeie lewenswyse te lei*. Wat ons by Plinius egter nie lees nie, is dat die Christene na hierdie byeenkoms gaan werk het. Ek ken ook geen enkele ander bron waarin dit vermeld word nie. Dit is naamlik opvallend dat alle mense in daardie tyd gewoond was om so vroeg op te staan. Dit is glad nie so besonders dat die Christene soggens vroeg bymekaar gekom het nie. Elkeen het vroeg opgestaan sodat hulle kan begin met hul werk sodra dit lig geword het. Kunsmatige verligting het die mense toe nog nie geken nie. Die mense se dagindeling het meer tred gehou met die ure wat dit lig was.

ANDER SOORT EKONOMIE

Verder is dit nie korrek om aan te neem dat die mense toe, net soos vandag, ’n vaste werk gehad het nie. Laat staan dat hulle iets soos ’n agt uur-lange werkdag geken het. Die ekonomie in die Romeinse Ryk

het naamlik totaal anders in mekaar gesteek as wat vandag die geval is. 'n Mens was òf slaaf by 'n groot landheer ('paterfamilias') òf jy was self so 'n landheer, dus iemand uit hoë stand. Òf jy was slegs 'n los arbeidskrag, wat elke môre – soos dit jou uitgekom het – na die markplein gegaan het om jouself beskikbaar te stel. En dit het uiteraard voor sonsopgang gebeur (vergelyk Matt. 20:1: *Want die koninkryk van die hemele is soos 'n huisheer wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur*). Kortom, die maatskappy het toe anders gefunksioneer. Dit is daarom nie korrek om te sê dat die Christene hulle eredienste voor sonsopkoms gehou het omdat hulle daaglikse werk op Sondag vir hulle gewag het nie. Of dat hulle – as minderheidsgroepering – nie by magte was om die Sondag as rusdag vir hulself te eis nie.

Dit word nog duideliker as 'n mens by die Joodse geskiedskrywer Josefus lees hoe 'n sinagogerediens gelyk het. Die Jode het uiteraard bymekaar gekom op die sabbat, die sewende dag van die week. Binne die Romeinse Ryk het die Jode die reg geniet om op die sabbat hulle gang te gaan. Die Romeinse reg het die Jode toegestaan om hulle op hierdie dag aan hul sabbatswette te hou. Maar, desnieteenstaande hierdie reg, is dit opvallend dat die Jode ook gewoond was om vóór sonsopkoms in die sinagoge bymekaar te kom. Dit onderstreep slegs die feit dat almal toe gewoond was om so vroeg op te staan.

UITGEBREIDE SAMEKOMS

By Josefus vind ons nog 'n interessante opmerking, naamlik dat 'n erediens in die sinagoge tot ses ure lank kon duur! 'n Onderdeel hiervan was 'n gesamentlike middagmaal. Hierdie byeenkoms het dus in elk geval al die helfte van die sabbatdag in beslag geneem. Wat beteken dit met betrekking tot ons onderwerp? Ek dink dat dit aanneemlik is dat die byeenkomste van die Christene tot op sekere hoogte vergelykbaar was met die dienste in die sinagoge, in elk geval wat die tydsduur betref.
Wat het plaasgevind tydens hier byeenkomste? Die volgende kernwoorde gee dit waarskynlik goed weer: leer van die apostels, gemeenskap, breking van die brood,

gebede (Hand. 2:42). 'n Mens kan hieruit aflei dat dit onwaarskynlik was dat die Christene na afloop van die erediens na hulle werk gegaan het. Hoewel hierdie erediens op die vroeë Sondagmôre al begin het, het die gebeure waarskynlik tot laat in die oggend geduur.

Maar het die Christene dan nie probleme met hulle baas gekry nie? Het hulle werk dan nie in gedrang gekom nie? Ek dink dat 'n mens nie met die oë van ons tyd na daardie tyd moet kyk nie. Dit het toe gewoon anders gegaan. Dit was byvoorbeeld goed moontlik dat 'n Christen wat 'n slaaf was by 'n Romeinse of selfs Joodse landheer, nie af gekry het op die eerste dag nie. Wat sy rusdag betref, was hy dus gebonde aan die sabbat. Dit was ook goed moontlik dat 'n Christen wat 'n slaaf was by 'n Christelike landheer, geen enkele probleem gehad het nie, omdat sy baas self 'n huisgemeente op sy landgoed gehad het en almal op Sondag af gekry het. Dit was ook goed moontlik dat 'n Christenarbeider wat niemand se slaaf was nie, maar homself op die markplein aan ander uitgehuur het, self alle vryheid gehad het om te bepaal op watter dag hy wou gaan werk. Die situasie was dus heelwat meer genuanseerd as wat 'n mens in die eerste plek sou dink.

RUSDAG

Maar bestaan daar enige bewyse dat die Christene hulle rusdag op die eerste dag van die week gehad het? Is die weergawe korrek dat die Sondag eers 'n rusdag geword het vir die Christene nadat keiser Konstantyn die Sondag tot kollektiewe rusdag uitgeroep het? Ook hier is die saak meer genuanseerd. In die eerste plek het die besluit van keiser Konstantyn nie sommer uit die lug geval nie. Dit het aangesluit by die gangbare praktyk onder die Christene. In die tweede plek is dit opvallend dat die vroeë kerk enersyds voortgekom het uit die sinagoge, en dus ook baie ooreenkomste met die sinagoge vertoon het – ook wat betref die erediens. Maar andersyds het die kerk haarself ook heel selfstandig opgestel teenoor die sinagoge. Die heidense burgers in die Romeinse Ryk het dikwels gedink dat die kerk 'n bepaalde Joodse sekte was. Daarom het die vroeë kerk hulle heel bewus probeer onderskei van die sinagoge. Dit sien ons byvoorbeeld in hulle gewoonte om te vas. In die *Didache*, 'n bekende geskrif uit die vroeë kerk (wat so iets beteken as Christelike onderwys), word vermeld dat die Christene hulle vaste vasdag op Donderdag gehad het. Dit in teenstelling met die Jode, wat op Woensdae gevas het. Met betrekking tot die rusdag is dit aanneemlik dat die Christene ook bewus vir 'n ander dag gekies het. Nie meer die sabbat, die sewende dag, nie, maar die eerste dag (Hand. 20:7), die Dag van die Here (Openb. 1:10), die dag waarop Hy opgestaan het uit die dood. Dit het die nuwe verbond se dag van rus en samekoms geword. Die dag waarop Christus 'n begin gemaak het met die ewige rus. ¤

WAT DINK ‘n PROTESTANT OOR DIE AFSTERWE VAN DIE POUS?

Ds John Rogers - Reformed Church of New Zealand

ARTIKEL VAN ...

In die deurmekaar en kruiperige wêreld van vandag word blykbaar allerhande dinge oor die Calvinisme versin. Want in die gereformeerde wêreld is daar nie so baie Calviniste oor nie. Laat staan in die wêreld van die algemene evangeliese kerke. Hulle dra natuurlik almal die etiket van een of ander Gereformeerde kerk, en dring daarop aan dat hulle gereformeerd is (Jeremia 7:4). Maar hulle is nie gereformeerd in die sin dat hulle gedurigdeur reformeer word deur die Woord van God nie, soos die vaders van die Reformasie ons duidelik geleer het. Onthou *u* dit nog? Blykbaar het baie gereformeerde mense dit al vergeet.

Wat dit betref sal die nuwe Pous, Joseph Ratzinger, ons miskien kan help, as hy bly soos wat hy tot nou toe altyd was. Nie dat hy reg is nie. Maar hy is wel duidelik. Hy is ‘n man met wie ‘n mens sal kan onderhandel. Hy is ‘n man met wie jy sal kan redetwis. Want hy weet wat hy glo en hy is baie duidelik daaroor, en hy is glad nie apologeties nie.

Hier volg een van sy uitlatings van die laaste week: “Om ‘n duidelike geloof te hê, wat gebaseer is op die geloofsbelydenis van die kerk, word vandag gesien as fundamentalisme, terwyl relativisme (wat eintlik daarop neerkom dat jy jouself heen en weer laat dryf deur elke wind van lering) lyk asof dit volgens vandag se standaarde die enigste aanvaarbare geloof is. Ons beweeg na ‘n diktatorskap van relativisme, waar niks as seker erken word nie en wat ons eie ego en begeertes as sy hoogste doel het.” Amen en Amen!

Wel, wat glo Calviniste oor die heengaan van die Pous? Want hulle was ook hartseer. Dit maak nie so baie saak nie, maar as ‘n mens weet wáárom hulle hartseer was, is daar rede tot kommer. Gereformeerde mense het uit hulle pad gegaan om die Pous te vereer. Die volgende is byvoorbeeld gehoor: dat hy ‘n wonderlike Christen moes gewees het, want - al kan ons nie met alles wat hy gedoen en gesê het, saamstem nie (en moenie vergeet dat ons ook sondaars is nie!) - hy was gedoop.

Maar as ‘n mens dan in die Bybel gaan kyk, lees jy dat Ismael en Esau ook gedoop was, maar dat Paulus beslis nie wou troos met hierdie Bybelgedeelte nie, inteendeel (Romeine 9); en dit word skrikwekkend wanneer ‘n mens Hebreërs 12:16 lees. Sulke mense is onder die verpligting van die verbond van genade by wyse van hul doop/ besnydenis. Ja, dis waar. Maar om onder die verpligting van genade te wees, maak nie dat jy *ipso facto* (vanselfsprekend) ‘n ontvanger van die genade is nie. Die besnedene kan ‘n onbesnedene word.

Die doop is van weinig nut (Galasiërs 5:2). Die sakramente self, nes die Woord wat hulle uitbeeld, kan soos ‘n tweesnydende swaard word. Hulle beeld uit: genade, loutere genade, deur geloof alleen; en verskriklike oordeel as ons die genade alleen sou verwerp. “Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar ‘n nuwe skepsel.” (Galasiërs 6:14-15). En ‘n nuwe skepsel leef slegs uit genade, met of sonder besnydenis / doop, soos Paulus uitdruklik skryf in Romeine 4 en verder in Efesiërs 2:8-10: “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.”

En dit is ons eerste probleem met die Pous. ‘n Mens kan elke gewone, in die besonder elke eenvoudige, half-geleerde, sleg-geleerde, ongeleerde Rooms-Katolieke mens beskou in die oordeelslig van liefdadigheid. Die liefde hoop alle dinge. Maar as ons oor Pous Johannes Paulus praat, praat ons nie oor sulke mense nie. Dan praat ons oor die hoof, die onbetwisbare verdediger en apologeet van die hele Rooms-Katolieke sisteem. Dié sisteem is deur en deur ‘n verwerping van redding deur Gods genade wat Hy ons bewys het deur die gewisse en finale werk van ons Here Jesus Christus aan die kruis van Golgota. Rome bewys lippe-diens daaraan, natuurlik, waarna sy dit met haar ander leerstukke duidelik verwerp.

In haar eie Kategismus praat sy van “die werk van ons verlossing wat nog bewerk word deur die offer van die mis, en hierdie bloedlose offerande is werklik versoenend”. Paragraaf 1364, 1366, 1367. Maar selfs met hierdie deurgaande offerande is ons nog nie heeltemal klaar met die behandeling van ons sondes nie. In paragraaf 1437 lees ons “elke opregte daad van aanbidding of toewyding laat in ons die gees van bekering en berou herlewe en dra by tot die vergewing van sondes.” Later praat dit oor aflaat. “‘n Aflaat is ‘n geldelike betaling aan God om te ontkom aan die tydelike straf wat ons verdien vir sondes waarvan die skuld ons alreeds vergewe is; wat die troue Christen verkry onder sekere voorgeskrewe voorwaardes, uitgedeel deur die aksie van die kerk as die toebedeler van verlossing en as gevolmagtigde oor die skatkis van die genoegsaamheid van Christus en die heiliges. ‘n Aflaat kan òf ‘n gedeeltelike òf ‘n volle aflaat wees namate dit ‘n deel of die hele tydelike straf van die sonde wegneem. Die gelowige kan aflate kry vir homself of hy kan hulle toepas op dié wat alreeds gesterf het.” (Paragraaf 1471, vgl. 1477).

Dit, liewe protestantse broers en susters, is die hele Rooms-

Katolieke sisteem, waarteen ons voorvaders in verset gekom het en hul bloed vergiet het. Rome kan nie saam met die Skrif en die Kategismus sê nie "dat my getroue Verlosser, Jesus Christus, met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het. 'n Ware geloof is 'n vaste vertroue wat die heilige Gees deur die evangelie in my hart werk dat God ook aan my uit loutere genade vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het. God sal, op grond van die voldoening van Christus, nooit my sondes of my sondige aard teen my hou nie. Al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en nie een daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is, skenk God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem." (Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 1, 21, 56, 60).

Ons tweede probleem met die Pous is dit: hy verwerp nie net die genade nie, maar hy is ook 'n afgodsdienaar. Stap enige Roomse boekwinkel binne en jy sal verbaas wees. Die Maria-aanbidding is ongelooflik. Niemand het ooit die kultus van Maria meer bevorder as Johannes Paulus II nie. Ons het nie 'n plaaslike priester, biskop, pous, engel of Maria nodig om tot Jesus te kom nie, om tot Hom te bid nie. Maria moet in haar graf omdraai oor die godslastering wat in haar naam gedoen word, want sy was regtig 'n vrome vrou.

Derdens, Johannes Paulus word geprys as 'n groot verdediger van "vryheid en demokrasie". O goeiste, o liewe tyd! Laat ons 'n bietjie hieroor dink. Want ons neem dit as vanselfsprekend aan dat demokrasie byvoorbeeld 'n deug sou wees, 'n instelling deur God geïnspireer, Gods wil, net so vanselfsprekend as God self. Dit het nie denke, studie of verantwoording nodig nie; dit is so duidelik reg dat dit met die uitoefening van mag op alle mense geforseer kan word. (Of so meen George Bush – dit was sy laaste hoop vir die regverdiging van die inval in Irak, want niemand sal demokrasie bevraagteken nie). Dit is 'n hedendaagse "protestantse" afgod en Christene sien dit blykbaar nie raak nie. In hoeverre die gees van die tyd die kerk binnegesluip het, daarvan het ons skynbaar geen idee nie. Demokrasie is die produk van 'n algemene godsdienstige toewyding wat as voorreg inhou dat die mens sy eie sake met sy God kan doen. Dit beteken dat demokrasie alleenlik in die grond van die prote-

stantse Christendom kan wortel skiet, en dit is dus intrinsiek vyandelik teenoor die Rooms-Katolieke. Want Rooms-Katolisisme is outoritêr ten opsigte van religie en dus noodwendig ook ten opsigte van politiek.

Dit bring ons terug na die oorlede Pous – 'n groot verdediger van vryheid en demokrasie? Het u al ooit *Hitler's Pope: the Secret History of Pius XII* gelees? Dit is geskryf deur 'n Roomse man wat (nou) baie ongerus en ontnugter is, John Cornwell, wat vrye toegang tot die Vatikaan se argiewe gehad het. Hy het die projek begin juis om die aantygings te weerlê! Het u al ooit gehoor van Lord Acton? Natuurlik het u. Hy het gesê: "Power tends to corrupt and absolute power to corrupt absolutely." Lord Acton was 'n Rooms-Katolieke historikus wat hierdie woorde gesê het met betrekking tot die Rooms-Katolieke hiërargie.

John Robbins van die Trinity Foundation skryf oor Pous Johannes Paulus dat hy eintlik 'n advokaat van sosialisme en alleenheerskappy was. In die ryk waar hy vir 26 jaar die absolute mag gehad het, was daar nie vrye verkiesings nie. Geen Rooms-Katolieke gemeente verkies sy eie priester nie. Priesters is aangestel deur die biskoppe, biskoppe deur die kardinale, kardinale deur die pous. Gaan kyk so'n bietjie na John Robbins se webblad, The Trinity Foundation. Lord Acton het weliswaar 100 jaar gelede geskryf, maar hy het verskeie verdoemende uitsprake oor sy eie kerk gemaak. Rome verander nooit nie; miskien haar grimering, ja, maar onder dit alles bly sy maar dieselfde vrou.

Vandag is dit nie Rome wat pla nie. Op die oomblik is dit is ons medeprotestante wat rede tot kommer skep, want te veel van hulle lyk of hulle sig verloor. Dus, wat dink ons oor die heengaan van die Pous? Gelukkig vel God die finale oordeel. Desnieteenstaande, met die beginsel van "aan hulle vrugte sal jy hulle ken", sal u begryp dat om oor hom te treur as 'n broeder in die Here, 'n probleem is. Dit behoort die droefheid onmeetbaar te maak, veel erger nog as dié van die arme misleide mense buite die St Peters Basilika. 'n Mens sou dink dit was Jesus self wat ons verlaat het; vir die mense het dit seker so gevoel.

Maar hoe kan 'n mens so praat oor so 'n deugsame man? Hy was, daarmee moet ons saamstem, deugsaam. Hy het homself ten minste so voorgedoen. Vol van mensliewendheid. Ds Gerald Zandstra van die Christian Reformed Church of North America het die Pous geprys oor sy liefde en sorg vir alle lewe, maar hy het ook op die verskille gewys. Hy skryf: "Ten spyte van teologiese verskille het ek in baie opsigte in Johannes Paulus se denkwyse en lewe 'n bondgenoot gevind." Dit is so; hoe gereeld het ons nie met dankbaarheid die standpunt van die Rooms-Katolieke met betrekking tot seksuele sedes en ontsag vir die lewe aanvaar nie? 'n Regte bondgenoot. Maar Zandstra het vroeër opgemerk dat "van die teologiese verskille beduidend is en so sal bly". En dit is juis die bekommernis – want dit is ons teologie, nie ons antropo-

logie nie, wat ons toekoms in die ewigheid bepaal; en uiteindelik is dit ons teologie wat ons antropologie ook bepaal.

Wanneer ons in ons waardering aan die mensliewendheid voorrang gee, wys ons hoe ver terug na Rome ons op pad is, en in hoeverre die gees van die tyd - naamlik pluralisme en relativisme en totale toleransie - ons al ingesuig het. Want doen die ongelowiges nie ook goed aan hulle kinders nie? Het die wêreld nie haar eie goed lief nie? Die melk van mensliewendheid red nie! Dit is suiwer moralisties, erger nog, dit is saligheid deur die werke!

Sien, iets vergeet ons hier baie maklik. Die duiwel vermom homself soos 'n engel van die lig! En die lig lyk nie soos die duisternis nie. Bedrieërs kan self bedrieg wees; in daardie geval kan ons oor hulle ween, maar hulle is daardeur nie minder bedrieërs nie. 'n Wolf in skaapsklere lyk so sagmoedig, 'n onskadelike skaap! Dit is die piek van die metafoor. Dit is die kersie op die koek.

Kom, broers en susters. Ons hoef nie lelike, oorlogvoerende Protestante te wees nie. Maar ons is Protestante; of is ons, soos Johannes Paulus gesê het, "nie langer bekwaam om enigiets vir seker te weet nie?" Dit is tyd om te wees wie ons sê ons is: Protestantse Christene, Gereformeerde Christene, Calviniste inderdaad, wat glo in Jesus Christus en Hom alleen, net van Hom afhanklik, vertrouend op Hom alleen. En hier staan ons. ¤

GEHOORSAAMHEID: MAG 'n MENS DIT NOG VRA (II)?

J Baas

OPVOEDING

ANDER VISIES OP GESAG

Hier volg twee ander visies op gesag.

'n Ander benadering van gesag wat in ons tyd baie volgelinge het: 'n mens verkry gesag deurdat ander dit aan jou toeken. Dit bring die gevaar van 'n subjektiewe invulling: as ek meen dat jy iets oor my te sê het, dan is dit so. Jy besluit of jy sal gehoorsaam al dan nie. Deesdae kom hierdie vorm van gesagserkenning dikwels voor. As dit na my mening sinvol is, sal ek hierdie reël gehoorsaam. As ek nie die nut daarvan kan insien nie, dan doen ek dit nie. "Ek het nie lus om na hierdie onderwyser te luister nie. Hy het eintlik maar min om te sê." In werklikheid beskou die mens homself hier as die hoogste vorm van gesag: ek bepaal.

As dit na my mening sinvol is, sal ek hierdie reël gehoorsaam.

Nog 'n opvatting: gesag is om verantwoordelikheid vir 'n ander te dra, vir solank hy of sy nog nie die verantwoordelikheid vir iets kan dra nie. Volgens hierdie sienswyse het gesag 'n seënryke uitwerking. Dit is gerig op die ander. Hierdie opvatting lê nader aan die Bybelse opvatting oor gesag: gesag as diensbaarheid.

WAT IS DIE BEDOELING?

Gesag en die gehoorsaamheid daaraan verbonde is, soos reeds gesien, 'n middel: om te lei tot God, gerig op behoud. Daarom is die belangrikste taak van gesag om diensbaar te wees. As gesagsdraer is jy in die eerste plek dienaar. Jy is daar om die saak in goeie bane te lei. Dit gaan dus nie daarom om jou mag te laat geld nie. Dit gaan nie om jouself, as gesagsdraer, nie. As opvoeder mag jy Vader se uitgestrekte hand aan die kind laat sien. In jou opvoeding is alles gerig op die behoud van jou kind vir die Koninkryk van God. Gesag straal dus in die eerste plek liefde uit. Omdat ons grootste Gesagsdraer liefde is. Liefde beteken om sorgsaam te lei, maar ook: om te trek. Want liefde trek. Liefde beteken enersyds 'n arm om jou, maar andersyds ook duidelikheid en openhartigheid. Duidelikheid bied aan die kind veiligheid. As gesagsdraer stel jy dus duidelike grense. Grense dui die veilige pad aan. Binne daardie gebied gaan dit goed. Kinders wil graag die grense wat jy gestel het, verken. En doen ons nie dikwels dieselfde by God nie? Wat kan ons maar doen en wat beslis nie? Eintlik vra jou kind hier: Pa en Ma, hoe sterk staan jou grense eintlik? Wat is julle standpunte en hoekom? Laat weet my. En verduidelik as ouers ook hoekom bepaalde grense gestel word. Dit is bowendien vir 'n mens soms glad nie lekker om presies te weet wat die grense is nie. Dan moet daar ingegryp word, omdat daar bv. gevaar dreig. Byvoorbeeld: jy loop met jou kind, vier jaar oud, in die dieretuin. Julle kom by die tiers, wat lekker lê en slaap in hul hok. "Hulle lyk net soos groot katjies, nè Pappa? Ek gaan hulle gou vryf." Voor jy besef wat gebeur, het die kind hom losgeruk en hy hardloop na die hok. Jou hart slaan bollemakiesie en jy hardloop agterna. Net betyds word hy weggeruk. Die kind huil en skree dat hy die tiers wil vryf.

My kind moet dit self maar agterkom. Laat hy eksperimenteer.

Elkeen sal verstaan dat die pa nie bly staan het nie, maar - by wyse van spreke - die kind se arm so te sê uit potjie geruk het. Hy het nie by homself gedink nie: "My kind moet maar self agterkom hoe gevaarlik 'n tier is. Dan sal hy seker nooit meer so iets doen nie." Van laasgenoemde is 'n mens in elk geval oortuig as die pa nie ingegryp het nie.

Soms word die indruk gewek dat daar deesdae wel op hierdie manier opgevoed word. Dit word gedoen onder die beginsel van: "My kind moet dit self maar agterkom. Laat hy eksperimenteer." Hierdie reël kan

in sommige gevalle natuurlik wel toegepas word. As ‘n mens vantevore oorweeg het wat die gevolge sal wees as die eksperiment verkeerd loop.

Ouers mag, ja *moet*, opvoed. Daarvoor is verseker ‘n porsie durf nodig. Want soms moet teenstrydige gevoelens oorwin word. Jy weet dat jou kind nie daarvan sal hou as ‘n bepaalde televisieprogram afgesit word nie. Maar jy is gerig op sy behoud. Daarom moet die liefde hierin na vore kom. Die Spreukedigter sê dit as volg: “Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging.” (13:24). By tugtiging moet ons nie dadelik dink aan slaan nie. Met tugtiging word bedoel trek. Trek jou kind vroeg reeds na die goeie pad. Wys hom op die pad van God. ‘n Pad van liefde, wat lei na ‘n wonderlike lewe.

Hoe lyk opvoeding sonder liefde? 1 Korinthiërs 13 gee ‘n duidelike antwoord hierop: jy is dan o.a. ‘n klinkende metaal, ‘n luidende simbaal; jy is dus niks nie, dit baat niks nie. Ware liefde soek egter nie sy eie belang nie, kwes niemand se gevoel nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie. Vir ‘n opvoeder is dit dus elke dag ‘n groot uitdaging!

HOE WORD DIT TOEGEPAS?

Hoe gaan ‘n mens om met gesag en gehoorsaamheid in die praktyk van elke dag? Hieronder volg ‘n paar praktiese idees wat dalk kan help:

- Dink self na oor wat die doel is van ‘n bepaalde reël wat aan jou kind voorgehou word. Stel veral noodsaaklike reëls in.
- Pas die reël by sy/haar leeftyd? Kan ‘n mens dit van jou kind verwag?
- Hoe reël is die reël wat gestel word? Hoe gaan ander ouers om met hierdie reël?
- Kies ‘n geskikte tyd om die reël oor te dra. As jou kind juis op pad iewers heen is, sal jou mededeling op dowe ore val.
- Formuleer die reël duidelik aan die kind en noem die redes vir die reël.
- Kyk jou kind aan wanneer jy die reël met hom bespreek. Jou oë moet jou emosie (liefde, warmte)



uitstraal. En jy kan jou kind se reaksie in sy oë lees.
- Laat jou kind reageer, en ten minste die reël herhaal, om te kyk of die boodskap goed oorgekom het.
- Jy kan ook met jou kind bespreek wat die gevolge, en eventuele straf, sal wees as nie by die reël gehou word nie. (Dis nie nodig om die straf vooraf te bespreek nie. Dit wek die indruk van: jy sal dit tog nie regkry nie, hier is die strafmaatreëls solank). Na ‘n tydjie kan weer gekyk word na die afsprake en na die realiteit daarvan en hoe dit gegaan het. Laat hoor jou positiewe indrukke hierby duidelik. Die uitwerking daarvan is sterker as dié van korrigerende opmerkings.
- Wees konsekwent. Kinders wil graag duidelikheid hê. Hulle sal dit uittoets. Om konsekwent die reëls te handhaaf, kan vermoeiend wees. Maar dis beslis die moeite werd. Betrek hierby die voorskrif van Efesiërs 6:4.

Om konsekwent die reëls te handhaaf, kan vermoeiend wees. Maar dis beslis die moeite werd.

Kinders sal t.o.v. ‘n aantal reëls meen dat julle as ouers outyds is en dat ander kinders wel mag doen wat julle verbied. Dis nie nodig om omgekrap hieroor te raak nie. Want jou kinders ervaar dit dalk so, maar dis meestal nie realiteit nie. In sommige gevalle word daar dalk te min duidelike reëls aan kinders gestel, omdat ouers dink dat hulle dan nie in pas is met ander ouers nie. Moet jou nie hierdeur van stryk laat bring nie.

GEHOORSAAMHEID EN LEEFTYD

By elke leeftydsfase gaan ‘n mens anders om met gehoorsaamheid. Die indeling van kinders in ontwikkelingsfases en leeftyd het wel nadele. Maar ‘n growwe indeling moet gemaak word, omdat dit te make het met dit wat jy van ‘n kind mag verwag in ‘n bepaalde leeftydsfase. Vir die indeling t.o.v. ontwikkeling word hoofsaaklik aspekte genoem wat te doen het met gehoorsaamheid en gesag.

Dis eerstens dalk goed om op te merk dat jou kind op pad na die volwassenheid deur twee groot groeifases gaan, nl. in die periode van 6-8 jaar en van 12-15 jaar. Dit is dikwels periodes waarin die kind gouer moeg raak en as gevolg daarvan ook dikwels meer labiel is. As opvoeder kan ‘n mens daarmee rekening hou, bv. in die eise wat aan die kind gestel word.

0-4 jaar: Die kind ontwikkel veral via die sintuie. Hulle dink alleen i.t.v. dinge wat werklik waargeneem kan word. Reëls word daarom gerig op konkrete sake. Uitleg by reëls maak daarom nie eintlik sin nie.
4-6 jaar: Die kind weet nog nie van wat hy wel kan doen en wat hy nie kan doen nie. Hy gaan dikwels op in fantasie, waar feitlik alles moontlik is. Ongehoorsaamheid kan te doen hê met fantasie. In hierdie periode moet reëls steeds baie konkreet gestel word.
6-9 jaar: Die geheue begin ontwikkel. Reëls vir ‘n langer tydperk kan gegee word.
9-12 jaar: Die kind ontdek steeds meer wat hy wel kan doen en wat hy nie kan doen nie. Hy begin om die verband tussen die dinge te sien. Vanaf hierdie leeftydsfase word reëls meer met kinders bespreek en verklaar hoekom.
12-18 jaar: Die kind leer meer en meer om konklusies te trek. Voordat hy 15 is, volg hy meestal die mening van die ouers as sy eie mening. Daarna begin hy om ‘n eie mening te volg. Hy kan steeds meer verantwoordelikheid vir sy dade dra en met die gevolge daarvan gekonfronteer word.

Ons is dikwels geneig om te vroeg te veel verantwoordelikhede van die kind te verwag

Uit hierdie gegewens blyk dit duidelik dat ons dikwels geneig is om te vroeg te veel verantwoordelikhede van die kind te verwag. Ons wil hulle op ‘n te jong leeftyd te belangrike besluite laat neem, waartoe hulle nog nie in staat is nie. In werklikheid kan hulle die verantwoordelikheid van ‘n besluit nie dra nie, omdat hulle nog nie ‘n oorsig daaroor het nie. Die opmerking is al gemaak: Daar word opgevoed tot die twaalfde jaar, daarna word net maar geskaaf. In die lig van bogenoemde gegewens is hierdie opmerking nogal waar.

ONDERHANDELING?

In ons tyd het onderhandeling in die opvoeding ‘n belangrike saak geword. Dit het o.a. te make met die invloede van die Amerikaanse pedagoog Thomas Gordon. Op grond van Bybelse motiewe en die ontwikkelingsgegewens van kinders is die metode van Gordon in ‘n Christelike opvoeding nie toepasbaar op jong kinders nie. Gordon gaan naamlik uit van die goedheid van die kind (‘n humanistiese siening). Na sy mening kan opvoeders dit eintlik maar net moeilik maak vir die kind. Ons het egter reeds gesien dat onderhandeling in die opvoeding eers werklik ‘n rol speel wanneer die kind in die puberteitsjare kom. Eers dan kry hy sig op die gevolge van bepaalde besluite.

Dit het al gebeur dat ‘n ouer in die winkel met hul kind van ongeveer vier jaar onderhandel wat hulle die aand sou eet. Die bedoeling van dié diskussie was beslis nie om vir die kind die name van ‘n aantal groentes te leer nie. Hierdie kwessie pas egter nie by ‘n kind op die ouderdom nie. Dit is anders by ‘n kind van ongeveer nege jaar, hoewel ‘n diskussie oor hierdie soort sake dan nog steeds geen sin maak nie. ‘n Kind van dié leeftyd dink aan totaal ander dinge. Laat hom toe om net kind te wees. Vanaf ongeveer ses jaar kan oor klein, vir die kind oorsienbare, reëls onderhandel word. Onderhandel word dan bedoel in die sin van: die kind kan leer om na te dink oor die reëls en om die gevolge van sy besluite raak te sien. Maar jy kan jou kind op dié leeftyd nog nie verantwoordelik hou vir die besluite wat geneem is nie.

Onderhandeling in die opvoeding speel eers werklik ‘n rol wanner die kind in die puberteitsjare kom

As ouer bly ‘n mens verantwoordelik vir jou kind totdat hy eers regtig op eie bene kan staan. As hy geleer het om sy eie besluite te oorsien. In die meeste gevalle is dit eers vanaf ongeveer sestien jaar. En dan bly dit steeds belangrik om in kontak te bly met jou kind oor die “hoekom” van dinge. Juis dan breek so stadigaan die goue tyd aan wanneer jou kinders jou beste vriende word. Dan staan jy skouer aan skouer in die stryd van hierdie lewe.

NEGATIEF?

Gesag (en daarmee saam gehoorsaamheid) het nogal dikwels ‘n negatiewe klank. Dit het te make met die misbruik van hierdie deur God gegewe taak. In ‘n aantal gevalle is gesag vertaal met mag. En dit het gelei tot misbruik. Dan het reëls waaraan nie voldoen is nie, gelei tot swaar, onredelike strawwe en maatreëls. Maar by die lig van die Bybel moet ons gesag nie so beskou nie. Gesag is en bly die bedoeling van God om mense te lei na die verfrissende waterstrome en die groen weivelde van sy Ryk. Gesag gaan om versorging.

Gesag gaan om versorging

Die ergste wat ons ‘n kind kan aandoen, is om die gesag te laat vaar. Dan maak ons ‘n kind onseker. Hy raak die pad byster. Daardeur word die sosiale vermoëns van ‘n kind verminder, omdat hy later in die maatskappy nie oor die weg kan kom met mense wat bo hom gestel is nie. Die ergste is dat die Goddelike gesag vir die kind dreig om te verduister. Daarom word afgesluit met die oproep: ouers, julle moet die durf hê om op te voed. Wees ‘n wegwyser vir jou kind.

Vertaling van: ***Gehoorzaamheid: mag je dat nog vragen?*** deur J Baas.
Uit: De Reformatie, jaargang 76, no 7, 18 November 2000. ¤

VOETSPORE VAN DIE HERE IN DIE WêRELD

Ds. E Viljoen

LEWE MET GOD

Hoogkerlike praktyke rondom simbole en rituele skop behoorlik stof op in veral NG Kerke in die Oos-Kaap. Talle kritiese opmerkings kan daaroor gemaak word. Hierdie praktyke is meer dikwels as nie, ongelukkig die gevolg van die onderwaardering van die simbole wat die Here self vir ons gegee het om ons geloof te versterk. Dit staan egter soos ‘n paal bo water – die gemeente van Christus het simbole nodig alleen al as gevolg van ons swak geloof. Simbole wat ons aandag kan vestig op die enigste offer van Christus waardeur ons die ewige lewe as genadegeskenk kry.

VASHOUPLEK OP DIE LEWENSTRAP

Ons moet die krag van simbole en simboliese handelinge nie ontken nie. Niemand sal byvoorbeeld ontken dat die Swastika geweldige uiteenlopende gevoelens by mense wakker maak nie. Geen jongmens sal ooit goed kan verstaan watter emosies dit by ouer mense wakker maak nie. Dit was die simbool van die Nasionaal-sosialisme van die Derde Duitse Ryk onder Adolf Hitler. Die sien van die Swastika bring by ouer mense hulle ervaring tydens die Tweede Wêreldoorlog in herinnering. Vir ouer Europeërs bring dit die geluide terug van bomme wat val, Duitsers wat bevele vol haat uitskreeu, vliegtuie wat verbyvlieg om in die nag stede te gaan bombardeer, geweerskote wat klap. Vir meeste van die jonger geslag, is die Swastika in Suid-Afrika ná 1994, teken van rassisme en dikwels haat. Genoeg om u

daaraan te herinner dat simbole nie neutraal en betekenisloos is nie.

Die waarde van simbole is geweldig hoog. Óok in die geskiedenis van die kerk van die Here – Ou en Nuwe Testament. Simbole herinner. Dit maak emosies wakker. Dit motiveer tot feesvierings. Dit bevestig en vertroos in die werke, verlossing, liefde en genade van die Here. Ten spyte van al die kritiek wat die profete gehad het op die simbole van die heidene, was simbole deeglik benut in hulle lewe as volk van die Here. Want simbole is soos spore. Spore wat die weg wys wat die Here gegaan het met sy kinders. Selfs al gaan die spore soms deur die see! Mense, ook mense van die Here, het spore nodig om te sien waar die pad loop wat die Here met ons gaan. Só gebruik die Here self simbole om swak en twyfelende kinders van Hom die weg te wys. Tekens en simbole om "*ons geloof te voed en in stand te hou*" (NGB Art. 33).

Dit is seker nie oordrewe as beweer word dat daar 'n sekere allergiese reaksie by baie in Gereformeerde kerke is teen simbole nie. Tereg was daar in ons geskiedenis 'n reaksie teen die misbruik van simbole en beelde in die kerk. Onder die slagspreuk: "Die Woord alleen", word selfs die simbole wat die Woord ons gee, onderwaardeer en gering geag. Soms sal mens selfs die argument hoor dat simbole as deel van die Ou Testamentiese bedeling, nie pas by die Nuwe Testament nie. Die Here wil egter steeds ondersteuning aan ons geloof gee deur simbole. Simbole wat natuurlik nie meer deur **terug** te kyk, herinner aan Jerusalem, die tempeldiens, die offer van diere en priesters nie. Ons Here Jesus Christus gee ons simbole wat nou herinner aan sy volmaakte werk en die bruilofsfees saam met Hom in die Nuwe Jerusalem.

By sekere onderdele van die Paasfees, was die kinders uitgenooi om vrae te vra: "Pa, waarom eet ons hierdie bitter kruie?". Die vader van die huis het dan met 'n mooi verduideliking duidelik gemaak dat die Here hulle verlos het van die bittere verdrukking van die volk van die Here in Egipte. Die mooi verduideliking in woorde, het egter nog steeds nie die simbole oorbodig gemaak nie. Simbole help juis om die fees van verlossing ekstra kleur te gee! Dit roep op tot geloof en blydskap.

Simbole is soos 'n handreëling by 'n trap wat mens moet opklim. Een of ander tyd kry jy dit baie nodig. Vroeër of later.

Hoe mooi dat die Here in die doop só 'n handreëling reg aan die begin van sy verbondskinders se lewenstrap kom inbou. Die teken van die doop. Artikel 33 stel dit só mooi dat dit "ons goeie God" wat ons wil help met hierdie handreëling. Hy doen dit, omdat Hy rekening hou met ons "stompsinnigheid en swakheid". Dit is tekens / simbole wat van God af kom. Handreëlings wat Hy self inbou op ons lewenstrap. Hy wil werklik vashouplek vir ons gee, wanneer die trap soms hopeloos te styl word … selfs vir die jongste en fikste onder ons!

Ons goeie God die Heilige Gees maak gebruik van wat ons "sakramente" noem. Hy laat ons nie net in woorde hoor hoe ons God teenoor ons is nie. Met ons eie oë mag ons sien – só is God vir ons. Sigbaar en met al sy versekerings daarby. Hy verseker ons dat Hy ons verlos van die sondes waardeur ons eintlik moes vergaan het en dat Hy Homself ook vir my gegee het in daardie nag waarin Hy verraai is. Tekens en simbole van sy goedheid en genade teenoor ons. Hy wil ons geloof voed en in stand hou. En hoe nodig het ons dit nie!

TEKENS VAN BELOFTES

Die simbole van die Here is tegelyk meer as net simbole. Die simbole van die Bybel, is altyd verbind aan die Verlosser van Israel wat dit vir hulle ingestel het. Dit is nie magiese simbole nie. Simbole het op hulle self geen waarde nie. Maar wanneer die Here self dit gebruik om aan Hom te herinner en van sy trou te verseker, word dit waardevolle skatte in die wêreld waar ons woon.

Aan die een kant sien ons in die Skrif hoe die Here 'n stryd aangaan teen die misbruik van simbole deur sy kinders. Die erediens van Israel was in vergelyking met die omringende volke, baie nugter en eenvoudig. In die tempel was daar geen beeld nie. God self word nie afgebeeld nie. Die offer van die priesters van die Here was só anders as die magiese gedans van die Baälpriesters op die Karmelberg. Wanneer Israel 'n stapel klippe langs die Jordaan oprig op die Here se bevel, het dit geen magiese betekenis nie. Dit vertel wel 'n sigbare verhaal van die verlossingskrag en –genade van die Here vir sy kinders! Die ark van die verbond oefen geen magiese krag uit nie – dit vind Israel uit wanneer hulle die ark op magiese manier wil gebruik teen die Filistyne!

Tog is dit 'n duidelike simbool en waarborg van die Here se teenwoordigheid by sy volk. Israel ken daarom talle simbole – offerdiere, heilige dae, reinigingswater, heilige persone en plekke. Kenmerkend van al hierdie simbole was altyd dat die betekenis daarvan vertel kon word. Dit was nie iets wat op 'n magiese manier 'n invloed gehad het nie. Dit was iets wat by die Woord van die Here gevoeg is. Dit was bedoel om vir ons sintuie 'n voorstelling te gee wat ons reeds deur sy Woord kon en moes leer. Op hierdie manier kies die Here om aan ons te bevestig wat Hy reeds vir ons gesê het. Christus self voeg by sy woorde ook nog simbole van sy boodskap. Simbole wat waarborge is van wat Hy beloof het.

Die woord wat Artikel 33 gebruik as waarborg , is "seël". Dit is in navolging van die apostel Paulus wat na die besnydenis verwys as 'n "*seël van die geregtigheid van die geloof*" (Rom. 4:11-12). Teenoor Joodse gelowiges wat van gelowiges uit die heidendom verwag

het om hulle ook te laat besny, gebruik Paulus nou die betekenis van die besnydenis van Abraham as wapen. Wanneer die Jode beweer dat die besnydenis 'n teken was van Abraham se geloof en dat daarom almal uit die heidendom wat tot geloof kom, hulle ook moet laat besny as teken van hulle geloof, wys Paulus op 'n ander werklikheid.

Die besnydenis was nie 'n "seël" van Abraham se geloof nie. Abraham word deur die Here van al sy sonde vrygespreek lank voordat hy besny was. Die besnydenis is 'n teken en seël wat hy later van die Here verkry as seël van hierdie vrye genade van die Here!! Genade wat die Here kan uitdeel soos Hy wil. Die is 'n seël van die "geregtigheid van die geloof". Die simbool van die besnydenis verwys na dit wat God vir Abraham beloof het. En wat het God hom beloof? Vergewing van sonde!! (Rom. 4:7). God vergewe goddelose mense hulle sondes. Daarvan getuig Dawid ook as hy sê: "Gelukkig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se sondes bedek is. Gelukkig is die man aan wie die Here die sondes nie toereken nie.

Die sakramente wil as tekens van God ons hierdie groot liefde van die Here laat sien. Sakramente is tekens wat ons die sekerheid van God se betroubare Woord onderstreep. Dit is God se manier om laag na ons toe neer te buig. Hy hou rekening met ons swakheid. Hy hou daarmee rekening dat ons hoor en tog nie hoor nie. Sien en tog blind bly. In die sakramente kom behandel hy ons soos wat 'n liefdevolle ouer sy kind sal behandel. Hy gaan sit en teken vir die kind prentjies om vir sy kind verstaanbaar te maak wat Hy reeds vir hom probeer sê het. Dit maak ons eintlik verleë dat so iets nodig is – dat God van afbeeldinge moet gebruik maak om ons geloof te voed en in stand te hou.

SIMBOLE MET GROOT KRAG

Die simbole is geen nuwe of ander boodskap as wat ons reeds in die evangelie gehoor het nie. Hy verseker ons van die boodskap wat Hy reeds aan ons laat vertel het. Daarom is dit 'n krag van die Heilige Gees waarmee Hy in ons wil werk. Dit is 'n krag van God, omdat dit getuig van Jesus Christus. Hy is die waarheid van die sakramente. Sonder Hom sou dit betekenislose en leë simbole wees. Dit is daarom betekenisloos om te roem in die sakramente, sonder enige geloof in Jesus Christus. Die Jode het die fout gemaak om te roem in hul besnydenis, sonder om te let op Christus wat uit die dode opgewek is. Hulle het hulle verkyk aan die besnydenis van Abraham en hulle self as sy nageslag. Intussen was hulle blind vir Jesus Christus wat oorgelewer is ter wille van hulle sondes en opgewek is sodat hulle vrygespreek kon word van hulle sondes (4:25).

Die sakramente het groot krag. In die hande van die Heilige Gees. Dit kan uit die dood uit lewend maak. Dit kan die dinge wat nie bestaan nie roep asof dit bestaan (4:17). God kon in die besnydenis beloof dat Abraham 'n vader sou word van 'n menigte van nasies, terwyl Abraham en Sara saam geen kinders kon hê nie. Maar dat God dinge wat nie bestaan nie, tot 'n werklikheid kan maak, laat die besnydenis nou juis sien. Daarvan is die besnydenis juis 'n teken. Abraham word besny, sodat hy kan weet dit is nie in sy krag om 'n nageslag te verwek nie. Die nageslag sal deur God se genade uit die niet geroep moet word. Uit genade sal dit hom gegee moet word.

Dit is nou juis die geweldige krag van die sakramente; hul waarheid lê in Christus. Hy is God se ja en amen op al God se beloftes. Abraham het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie. Hy was ten volle oortuig dat God die mag het om te doen om te beloof het (4:21). Tot daardie selfde geloof wil die Here ons vandag deur die doop en nagmaal opwek. Hy kom gee ons simbole. Tekens. Uitbeeldings van sy genade. Sodat ons kan sien en verseker kan word van sy mag om te doen wat Hy beloof het.

HET GEREFORMEERDE ONDERWYS NOG 'n PLEK?

Herman van der Linden

ONDERWYS

Verbeel jou 'n pasgebore kind wat starend na die wolke kyk wat verby die venster skuif. Hy vermeld sy verskyning in kode, die klein gesiggie trek saam en van die oorkant kom die sein: "Ek het jou by die naam geroep, jy is Myne".

Dit is hierdie verbondskinders wat deur opvoeders gelei en begelei word in die vormgewing van hul identiteit, in die diepe besef dat hulle 'n toekoms het, op aarde maar veral ook in die hemel. Daarom mag ons dankbaar wees vir wat in die afgelope 40 tot 50 jaar in gerefor-meerde onderwys in Suid-Afrika gebeur het. Meer as 1000 leerders het hul laerskool-opleiding aan gereformeerde skole voltooi. 'n Grootse resultaat, deur God aan elkeen gegee wat by die skole betrokke was en is, en bowenal vir die kinders self. Die ontstaan van laerskole in die VGKSA het te make gehad met 'n groeiende behoefte by die ouers aan gereformeerde onder-wys vir hul kinders. Onderwyskundig en wetlik het die oprigting van gereformeerde skoolverenigings na 'n sprong in die duister gelyk. Tog is dit minder onlogies as wat dit lyk. Om dit te kan verstaan sal ons insig in die geskiedenis van onderwys, veral dié van ons Nederlandse voorouers, moet kry.

NEGENTIENDE EEU

In die tyd van die Republiek van die Sewe Verenigde Nederlande het, volgens die Dordtse Kerkorde, die kerkrade toesig oor die skole gehad. Maar in die negentiende

eeu was die pedagogiese en onderwyskundige peil sleg. 'n Hele paar getuienisse in dié verband kan gevind word.

"Hierdie amp is slegs as 'n middel tot bestaan beskou, wat 'n baas vir sy kneg gee. Hy is wel bekwaam om die klok te lui, die kerk oop te maak, die kerk op sy tyd te laat skoonmaak en die voordele van die kosteramp te ontvang. Maar dikwels het hierdie amp volstrek nie die minste eise as skoolopvoeder ingesluit nie." (Vry vertaal uit F.W. Prins, *"Verleden en heden"*, 1961).

Vervolgens sê Groen van Prinsterer oor hierdie tyd: *"Die skoolwese is in diepe verval; onderwys in Bybel en Kategismus is veral geheuewerk en dooie vorm; onkundige en streng opvoeders, deur wie die belt en rottang eerder as erns en liefde gebruik is. Hierdie jammerlike opvoedkunde was nie bestand teen die ideale van Locke en Rosseau nie; die ophef van Basedow, en die bevatlikheid waarmee, in skole en geskrifte, nuttige kundighede speelsgewys meegedeel is"* (Vry vertaal uit Groen van Prinsterer, *"Handboek der geschiedenis van het vaderland"*, 1928).

Baie pedagogies-didaktiese gedagtes het uit die Duitse taalgebied gekom. In baie van die literatuur is die invloed van Pestalozzi, die Switserse idealis, wat aanskoulike onderwys nagestreef, veral benadruk. Ook die Duitse filantrope het baie materiaal opgelewer: manne soos Basedow en Salzmann (onder die invloed van die opvoedingsleer van Rosseau) het via die filantropisme die onderwys in Nederland sterk beïnvloed. In 1846 word die eerste Christelike kweekskool vir voornemende opvoeders opgerig: die Klokkenberg te Nijmegen. In 1857 volg die "Opleidingsklas van Van Lummel" (Utrecht), 'n onderwysman wat indertyd 'n voortrekker van Christelike onderwys was. Hy het leesboekies geskryf en plakkate ontwerp vir verskeie skoolvakke. Die eis van aanskoulike onderwys het nie vir niks geklink nie. Sy plakkate vir die Bybelse geskiedenis het in 1952 nog aan die mure van verskeie gereformeerde skole in Nederland gehang.

In 1885 is die Gereformeerde Kweekskool te Amsterdam geopen (met in die oprigtingskommissie o.a. Dr. Abraham Kuyper, toe nog lid van die Nederlands Hervormde Kerk). Hierdie opleidingsinstansie moes opvoeders oplei vir die Nederlands Hervormde diakonieskole in Amsterdam. Die woord "Gereformeerd" was toe nog nie gekoppel aan die kerk nie, maar aan 'n denkrigting. Die Doleansie van 1886 het egter die kweekskool in 'n hewige krisis geplaas: die doleansiegrense het nou tussen broeders wat voorheen saamgewerk het, deurgeloop. In die periode 1905-1923 word daar nie minder nie as 16 protestants-Christelike kweekskole opgerig.

TWINTIGSTE EEU

Al vroeg in die twintigste eeu word pedagogies gesien nuwe strominge ingelui wat fel protes aanteken teen die pedagogiek en didaktiek van die opvoeding en onderwys. Ellen Key, Maria Montessori, Rudolf Steiner en baie ander is in mindere en meerdere mate verteenwoordigers van hierdie **Reformpedagogiek**. In feite was, volgens hulle, die manier van omgaan met kinders 'n moordende sisteem van aanpassing. *Die persoonlikheid van die kind word nie gesien nie.* Die tradisionele opvoeding druk 'n verouderde volwassebeeld op outoritêre wyse op die kind af. Die kind moet as persoon erken word. By Ellen Key lyk dit asof dit in 'n ekstreme vorm na vore tree as sy praat van "sy majesteit" die kind.

Die pedagogiek van Montessori is daarop gerig om voorwaardes te skep wat die natuurlike kragte hulle kans gee: "*Die kind is soos 'n vurige materie, gloeiend en ontplofbaar. Hierdie brandende geestesmassa dra 'n potensiële ontwerp in haar. … Die kenmerke van die persoonlikhede word geskep en gehard in die gloed van die natuur en nie in koue hande geknie nie. … Wanneer ons die kind verstaan en die riglyne van sy groei kan volg en eerbiedig, sal ons in staat wees om die mensheid te verbeter en te behou".* (Montessori, 1953). Hierdie pedagogiese gedagtes, wat met élan gebring is, het groot invloed gehad. Nie deurdat daar byvoorbeeld baie Montessori-skole opgerig is nie, maar wel dat



hierdie gedagtegoed via publikasies en populariserings in romans of tydskrifte in die wêreld van opvoeders en vooruitstrewende ouers beland het.

Hierdie Reformpedagogiek is al deur predikant-hoogleraar Bavinck bestry in sy boeke met pedagogiese beginsels. Hierdie werke is deur leerlinge van die Christelike kweekskole en deur baie Christelike opvoeders stukkend gelees. In 1962 skryf vader Rombouts, indertyd 'n alombekende Rooms-Katolieke onderwyskundige, in sy *Historische Pedagogiek* die volgende: "*Die verskyning van* Paedagogische Beginselen *in 1904 was in Nederland 'n gebeurtenis. Pedagogiek, ineen geskrompel tot metodiek, was die monopolie van enige laerskool opvoeders, en daar kom skielik 'n professor met 'n leerboek … Bavinck was 50 jaar gelede die enigste pedagogiese stelselbouer in Nederland. … Hy het pedagogiek geruk uit die skoolmeestershoek … ".*

Met al dié ontwikkelinge in allerlei strome van die pedagogiek het die oprigting van die Gereformeerde Opleiding van Opvoeders (GOO) in onderwyskundige opsig dus goed aangesluit by die gang van sake in die periode na die Tweede Wêreldoorlog. Weliswaar is die ideaal nog nie bereik nie, maar in vergelyking met die opleiding van voor 1952 het dit onteenseglik baie verbeter. In die leerplanne van die kweekskole lees 'n mens onder andere: "*By elke vak … sal uitgegaan word van die kultuuropdrag wat God die mensheid vanaf die paradys gegee het, naamlik om die aarde in gebondenheid aan Hom tot ontwikkeling te bring. …*

Ons hoogste doel sal dan ook wees om in die vaderlandse sowel as die algemene geskiedenis 'n Christelike belangstelling te wek. … Sentraal word die Heilige Skrif gestel wat as onfeilbare Woord van God die bron van die Gods-openbaring is".

Die sosiale en kulturele taak van 'n gereformeerde opvoeder word so gedefinieer: "*Die onderwys sal antiteties wees: die heerlikheid van 'n deur Christus geheiligde kultuur en maatskappy teenoor die afval in kulturele uitinge en in die menslike samelewing. Een en ander is nie gefundeer in tradisie en groepsnorme, nog in 'n humanistiese wêreldbeskouing nie, maar alleen in norme wat aan die Heilige Skrif ontleen is, soos dit ook vertolk word in die gereformeerde belydenisskrifte.* Die omskrywing haal baie duidelik K. Schilder se doelomskrywing uit *Christus en Cultuur* aan. Dít was die gees wat in die opleiding van opvoeders gevlam het.

EEN EN TWINTIGSTE EEU

Dit is duidelik dat onderwys en opvoeding aan sterk invloede blootgestel word, ook in Suid-Afrika. Vandag se geluide wat steeds harder klink vanuit ons eie land se onderwysdepartement, is niks nuut nie.

In die sewentiger jare verkondig Herbert Marcuse dat die uitbuiting van die mens verander kan word in 'n vredige en tevrede bestaan. Daar moet kans gegee word aan die vrye ontwikkeling van die menslike behoeftes en moontlikhede. Die mens moet kom tot 'n werklike selfbepaling. Nie elkeen sien dit in nie. Dus moet daar volgens Marcuse 'n verandering in die natuur van die mens bewerkstellig word. 'n Geforseerde belewing van jou werklike wese. Jy dink dat jy as mens gelukkig is. Dis nie waar nie! Daar moet nuwe (die eintlike ware) gevoelens kom. Jy moet geëmansipeer word van jou onjuiste kapitalistiese gevoelens na die werklike gevoelens van 'n vrye prestasielose maatskappy. Dit kan, want van nature is die mens goed, en hy is in 'n hoë mate vormbaar. Helaas kan die groot massa dit nie bereik nie. Daarom moet daar aksies onderneem word: verander die persoonlike uitkomste van die mense in terme van mondigheid, emansipasie, outonomie. Laat elke mens dit as ideaalbeeld sien: sy eie persoonlikheidsvorming.

Daar is ook ander bydraes: deur Amerikaanse publikasies word die "humanistiese psigologie" (van o.a. Maslow) in allerlei takke van die sosiale wetenskap gemeengoed. Die idee van die selfontplooiing word gewild. Jy voed nie in die eerste plek op om waardes oor te dra nie, of om iemand op te lei tot 'n x-aantal moontlikhede nie, nee, sentraal staan die vorming van die persoonlikheid. Volgens Maslow is 'n mens pas mens as hy tot self-verwerkliking kom. Hierdie toestand word bereik as alle menslike behoeftes voldoende bevredig word. Sowel die natuurlike as geestelike behoeftes.

Is dit bekende geluide in vandag se onderwystye? 'n Enorme taak vir opvoeders aan vandag se gereformeerde skole. 'n Opvoeder op 'n gereformeerde skool moet 'n Christen wees, geloofwaardig, belydende lid van die kerk en ook gelowig as hy nie aan God dink nie. 'n Opvoeder moet 'n visie op onderwys en opvoeding ontwikkel, sy eie maak. Hy moet uiteraard sy werk in 'n groter verband kan plaas en met ouers en ander op goeie vlak oor opvoeding en onderwys kan kommunikeer.

Onderwys en opvoeding is aan sterk veranderinge onderhewig. Het gereformeerde onderwys nog 'n toekoms, of is dit skole wat onderhewig is aan die erosie wat veroorsaak word deur die nimmerkwynende ysmoeraswinde van ongeloof en postmoderne kilte?

Die pedagogiese klimaatsone waarin ons ons vandag begewe, is nie meer 'n aparte gereformeerde sone nie. Reën dit in die wêreld, dan sous dit by ons. Die nastuiwingseffek is so te sê nul. Wat voorheen in die hoofsaaklik afgeslotenheid van die gereformeerde wêreld van so 25 jaar gelede altyd 'n ruk (soms jare) geneem het voordat dit in gewoontes en opvattinge plek ingeneem het, is nou nul. Modegiere (soos Pokémons) is vir gereformeerde kinders van dieselfde belang as ander kinders. Omgang tussen kinders het harder geword. Die maatskaplike tendense tot individualisme geld ook in die kinderwêreld. Ouers en kinders is gerig op die vinnige bevrediging van hulle wense. Die aanspreekbaarheid op dade word minder, want 'n ander het mos niks te make met wat ek doen nie. Gesag word minder aanvaar; Ma se wil was vroeër wet, Ma se wens is nou 'n diskussiepunt. Ouers sien dikwels hul kinders as 'n kosbare belegging waarby die hoogste maatskaplik haalbare vlak nagestreef word. Kinders gaan nie meer aan hul ma se sy na Jesus nie, maar via die skool; waar moet die *Onse Vader* geleer word? Kinders, leerders en opvoeders op gereformeerde skole loop die risiko van "gearriveerdheid". Jy weet (dink jy weet) van mekaar wat jy glo en praat dus nie meer eintlik daaroor nie. Die klub van gelykgesindes, die *ouwe-jongens-krentenbrood* mentaliteit kan sleg uitwerk.

Gereformeerde ouers en opvoeders moet goed besef dat kinders opgevoed **moet** word. Nie-opvoed bestaan nie. Vrylaat is altyd binding aan 'n bepaalde tipe mensvorming.

Die rykdom van die verbond is dat ons die wêreld van God ontvang het as 'n lewenstaak. Gereformeerde ouers en opvoeders kan hulle nog steeds aansluit by die doelomskrywing van Schilder (reeds hierbo aangehaal). En dan veral dat alleen die norme wat aan die Heilige Skrif ontleen is, die enigste fondament is vir opvoeding en onderwys. Tradisie en groepsnorme hou net tydelik. Ouers en skool moet saamwerk in 'n dinamiese en aktiewe proses van bewusmaking van wat Christenwees is, en hoe jy dit jou eie maak. ¤